

*Afrikaanse Christen Kerk Waikato*

**'N LEWE VAN GEBED**



**IS 'N LEWE VOL KRAG!**

**Geskrewe Preke**

*Die preek-opnames kan gekyk word op die gemeente se  
YouTube-kanaal: ACK Waikato Church*

## Inhoudsopgawe

<b>1. Gebed is 'n voorreg en verantwoordelikheid.</b>	<b>3</b>
<b>2. Hoe bid ons as gelowiges in 'n wêreld vol boosheid?</b>	<b>9</b>
<b>3. Gebed as magtige wapen vir bediening.</b>	<b>16</b>
<b>4. Hoe bid ons vir geestelike groei?</b>	<b>24</b>
<b>5. Hoe bid ons sodat ons God se krag sal ken?</b>	<b>31</b>
<b>6. Hoe bid ons sodat ons God se liefde sal ken?</b>	<b>38</b>
<b>7. 'n Gebed om eenheid – Jesus se gebed.</b>	<b>43</b>

---

# 1. Gebed is 'n voorreg en verantwoordelikheid.

---

**Skriflesing:** Hebreërs 4:15-16, 19-25

## **Hebreërs 4:15-16** (83' Vertaling)

*<sup>14</sup>Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. <sup>15</sup>Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. <sup>16</sup>Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*

## **Hebreërs 10:19-25** (83' Vertaling)

*<sup>19</sup>Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, <sup>20</sup>en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. <sup>21</sup>En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, <sup>22</sup>laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggeme is gewas met skoon water. <sup>23</sup>Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy belooft het. <sup>24</sup>Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie daede. <sup>25</sup>Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

Gebed is 'n groot voorreg en ook 'n groot verantwoordelikheid. Ons gaan die volgende paar weke, soos die Here wil, bietjie stil staan by die onderwerp van gebed. Ons gaan spesifiek kyk na hoe Paulus gebid het in Sy briewe aan die gemeentes. Ons gaan kyk na die prinsiepe van gebed en hoe ons dit kan toepas in ons eie gebedslewe.

Ek glo dat daar soveel rykdom is in hierdie gebede en in wat die Woord ons leer oor gebed, dat ek u wil aanmoedig om nie net die dienste by te woon nie maar om ook gebruik te maak van die preek notas en besprekingsvrae. Word deel van 'n kleingroep waar u saam met ander gelowiges die gebede verder kan bestudeer en toepas in jou eie lewe.

Vanoggend as in leiding, wil ek stil staan by die voorreg en verantwoordelikheid van gebed. Gebed is 'n voorreg omdat dit een van die primêre maniere is hoe ons die teenwoordigheid van God in ons lewe kan ervaar. In die Ou-Testament was die voorreg baie beperk. Die tempel was die primêre plek waar gelowiges God ontmoet en ervaar het. Dis hoekom wanneer mens die Psalms lees, dat ons sien dat daar baie keer 'n direkte korrelasie tussen die gelowiges se belewenis van God en die tempel of tabernakel is. Dawid skryf onder andere in **Psalm 27:4**

***“Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daarvoor na te dink in sy tempel.”***

Die tempel was 'n baie spesiale plek. Ons lees ook dat net die hoëpriester een maal per jaar die voorreg gehad het om die Allerheiligste deel van die tempel binne te tree agter die gordyn waar die verbondsark gestaan het. Dit is waar God sy gemanifesteerde teenwoordigheid bekend gemaak het en waar die hoëpriester versoening gemaak het vir sy eie sondes asook die sondes van die volk. Net die hoëpriester kon hier binne gaan.

Maar hy kon ook nie net sommer ingaan soos hy wou nie. Die hoëpriester was spesifiek uitgesonder en gekies vir die rol (as die verteenwoordiger van die volk by God). Die persoon wat as priester gekies was moes uit die Levitiese nageslag kom, die nageslag van Aaron. Die priester moes ook 'n bul en 'n ram geoffer het vir sy eie sondes en die sondes van die ander priesters voordat Hy die Allerheiligste ingegaan het.

Dit is met hierdie agtergrond wat die Hebreërs skryf die gedeelte geskryf het wat ek vanoggend vir gelees het. Wanneer mens dit verstaan dan voel mens iets van die impak en voorreg wat ons het wanneer die Hebreërs skryf vir ons sê dat ons nou vrye toegang het tot die Heiligdom; die hemelse Heiligdom; daar waar God teenwoordig is. Ons kan enige tyd met vrymoedigheid tot God nader en tot God bid.

Hierdie voorreg is moontlik gemaak deur Jesus Christus. Die Hebreërs skryf stel Jesus voor as die volmaakte Hoëpriester. Daar is 'n paar maniere waarop Hy dit doen:

## 1. Jesus se Priesterskap is vir ewig.

In die Ou-Testament was die priesterskap van geslag tot geslag soos die priesters gesterf het. Hulle kon net mense help en intree vir hulle solank as wat hulle gelewe het. Jesus se priesterskap is 'n ewige priesterskap omdat Hy die ewige Seun van God is.

### Hebreërs 7:24

***“Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie.”***

## 2. Jesus tree vir ons persoonlik in by God.

Hebreërs 5 praat van die rol wat priesters het om vir die volk in te tree by God. Hy sê: ***“<sup>1</sup>Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sondes te bring.”***

Die priesters van die Ou-Testament het gereeld vir die volk ingetree by God veral deur offers te bring. Vir hul eie sonde en dan die sonde van die volk. Jesus het nie nodig gehad om dit te doen nie, want Hy was volmaak. Die Hebreërs skryf sê in **Heb 7:25** ***“Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.”***

Paulus skryf in Romeine 8:34 dat Jesus aan die regterhand van God sit en dat vir ons pleit! Waarvoor pleit Hy vir ons? Hy pleit vir ons dat God ons sal help en sal genadig wees en sal krag gee om Hom in alles te behaag! En omdat Jesus se priesterskap 'n ewige priesterskap is kan ons verseker weet dat Hy dit vir ons sal doen.

## 3. Jesus se offer is 'n volmaakte offer.

Die hoëpriester van ouds het jaarliks 'n offer vir sy sonde en die sonde van die volk gebring. Die probleem is dat die offers nooit die volk volkome van hulle sonde en sondeskuld kon verlos nie. Daarom moes die proses jaarliks herhaal word. Die Hebreërs skryf in hoofstuk **10:2** ***“As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring.”***

Hy sê dat die offers eintlik net 'n skadubeeld was van die regte ding wat sou kom. Jesus het die volmaakte offer gebring, want Hy was die

volmaakte offer. Hy het met Sy eie bloed versoening gemaak en daarom is dit nie nodig vir enige verdere offers nie. Ons is volkome skoon gewas deur Sy bloed.

Hiermee het Hy ook toegang vir ons verkry om die Heiligdom binne te gaan; die hemelse Heiligdom. Die Bybel sê vir ons dat toe Jesus gesterf het, het die voorhangsel in die tempel, wat die Heilige van die Allerheiligste geskei het, middeldeur geskeur. Dit was om te wys dat Jesus se sterwe vir ons 'n nuwe weg gebaan het tot reg in die hart van God. Die Hebreërs skryf sê vir ons dat Jesus se liggaam die voorhangsel is waardeur ons nou tot God nader. Hy is ons toegang tot God.

#### **4. Jesus kan meegevoel hê met ons swakhede.**

##### **Hebreërs 4:15**

***“Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.”***

Om medelye met iemand te hê moet jy begrip hê vir wat hul deurgaan. Om met ons as mens medelye te hê moes God mens word! En dit is presies wat Hy gedoen het. Hy het ons mensheid volledig op Homself geneem. Hy het ervaar wat dit is om moeg te wees, om verwerp te word, om in die steek gelaat te word, om deur satan versoek te word, om angs te beleef.

Die hoëpriesters van die Ou-Testament het ook baie van die ervarings gehad as mens, maar hulle het self gestruikel. Jesus het nooit gestruikel nie. Jesus het nooit gesondig nie. Daarom is Hy volmaak, maar ook in staat om ons regtig te verstaan.

Wanneer ons tot Hom bid dan bid ons nie tot 'n onbekende en onpersoonlike God nie. Ons bid tot 'n God wat ten volle verstaan wat dit beteken om mens te wees!

#### **Jesus se rol as hoë priester**

As ons saamvat, dan sien ons dat Jesus se rol en passie as Hoëpriester is om ons by God uit te bring. Hy staan vir ons in by God, as ons ewige Hoëpriester. Hy tree vir ons in by God die Vader. Hy het homself geoffer vir ons om ons aanneemlik voor God te maak sodat ons deur Christus

toegang kan verkry tot reg in die hart van God. Hy het ons menslikheid op Homself geneem sodat Hy met ons medelye kan hê wanneer ons tot Hom nader.

Geliefdes, dit is die voorreg wat ons in gebed het!

Maar gebed is nie net 'n voorreg nie, gebed is ook 'n verantwoordelikheid en dit kos dissipline. Die Hebreërs skryf sê in Hebreërs hoofstuk **10:19** ***“ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom”***. Met ander woorde, dit is die voorreg wat ons het.

In v.22 sê hy: ***“laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid”***. Met ander woorde, dit is ons verantwoordelikheid.

So wat beteken dit in die praktyk?

#### **a. Ons moet tyd maak vir gebed.**

Ons eerste verantwoordelikheid is om tyd te maak vir gebed. Die Hebreërs skryf sê dat ons tot God moet nader. Dit is nie iets wat net outomaties gaan gebeur nie. Jy kan nie 'n gesonde gebedslewe kweek deur net nou en dan 'n skietgebed tot God te bid wanneer jy Hom nodig het nie. Nie dat skietgebede verkeerd is nie. Die Bybel het ook voorbeelde daarvan. Maar dit is moeilik om 'n intieme verhouding met God te bou deur net skietgebede te bid. Dit is soos om 'n diep verhouding met jou man of vrou te probeer bou deur net met mekaar in die gewone omgaan van die dag te kommunikeer. As jy diepte wil bou het 'n mens intensionele tyd sonder afleidings nodig. Ons het 'n tyd, plek en plan nodig vir ons gebedslewe om te floreer.

#### **b. Ons moet leer hoe om te bid.**

Die Hebreërs skryf sê vir ons twee dinge.

##### **i. Nader God met 'n opregte hart.**

'n Ander manier om dit sê is dat God moet nader met 'n rein hart. Die Psalm digter sê in **Ps.24:3-4**

***“Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan staan? 4Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is...”***

Een van die dinge wat ons so dikwels verhoed om God se nabyheid in ons gebedslewe te ervaar, is sonde wat ons aan vasklou of selfs skuldgevoelens. Jesus het gesterf sodat dit vir ons moontlik is om met 'n suiwer hart tot God te nader. Die Hebreërs skryf sê in Hebreërs 10:22 dat ons harte immers gereinig is van 'n skuldige gewete. Ons moet dit nou in die geloof toeëien. Ons moet dit wat tussen ons en God staan laat gaan.

## **ii. Ons moet God nader met volle geloofsekerheid.**

### **Hebreërs 11:6**

***“Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hie die wat Hom soek beloon.”***

God wil hê ons moet Hom vertrou, Sy karakter vertrou, Sy beloftes vertrou. Hy wil veral hê dat ons moet vertrou dat Hy ons sal verhoor en beloon op die basis van dit wat Jesus vir ons gedoen het!

## **c. Ons moet leer wat om te bid.**

Ons moet leer om ons behoeftes voor God te bring. In hoofstuk **4:16** moedig die **Hebreërs** skryf ons aan **“Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.”**

i. Ons word aangemoedig om God met vrymoedigheid nader. Ons kan eerlik wees oor ons behoeftes. Jesus is jou Hoëpriester. Hy het dit moontlik gemaak vir jou om tot God te nader, maar jy moet gebruik daarvan.

ii. Vir die gelowiges is God se troon 'n genade troon. Dit is die plek vanwaar God regeer. Dié wat deur Jesus se bloed skoon gewas is hoef nie bang te wees om tot Sy troon te nader nie.

iii. Ons sal barmhartigheid en genade ontvang wanneer ons tot God nader. God sal vir ons gee wat ons nodig het. Hy sal in ons behoeftes voorsien volgens die rykdom van Sy genade.

Daarom sê Paulus ook dat ons oor niks bekommerd hoef te wees nie, maar dat ons oor alles moet!

**Amen.**



---

## 2. Hoe bid ons vir gelowiges in 'n wêreld vol boosheid?

---

**Skriflesing:** 2 Tessalonisense 1:3-12

Ons het verlede Sondag met ons reeks begin en Ds. Louis het gepraat oor “Gebed is tegelyk 'n voorreg en 'n verantwoordelikheid.”

Gebed is ten diepste moontlik deur wat Jesus gedoen het. Jesus het nie net die deur oopgemaak na die Vaderhart nie, maar Hy IS die deur! In Hom en deur Hom het ek vrye toegang tot God se Vaderhart; tot in die heiligdom. Maar dan moet ek dit ook gebruik!

Ek moet besef dat my gebede is nie maar 'n inkopielys, of formules, of deel van my Christelike verantwoordelikheid nie; maar is 'n ingaan tot by die hart van my Vader; om in Sy troon kamer te gaan sit en met Hom te kan praat en by Hom te kan hoor wat aan die gang is en wat Hy vir my wil sê.

Ten diepste gaan gebed nie oor wat ek wil hê nie, maar om by God te wees, Sy teenwoordigheid te ervaar en om deur Hom begenadig en geseën te word. Dit gaan oor 'n persoonlike verhouding met God deur Jesus, en daarom 'n persoonlike, intieme gesprek met my hemelse Pa!

En ja, in so 'n persoonlike gesprek met my hemelse Pappa, is daar beslis ruimte vir persoonlike versoeke; om my begeertes en hart voor Hom uit te stort; om my smart by Hom te bekla; om vir ander in te tree (gaan lees maar die gebede in Psalms opgeteken – dit is so eerlik en opreg sommer net uit die hart uit!), maar ten diepste gaan gebed oor 'n verhouding met die lewende God deur Jesus Christus!

[Raak asseblief dadelik ontslae van al die skuldgevoelens omdat jy nie 'n gebedslewe soos Andrew Murray of wie ook al het nie en omdat jy nie vir ure lank bid nie! Daardie slegvoel en skuldgevoelens keer juis dat jy sommer net regtig eerlik en opreg met jou Pa kan praat en weet dat Hy vir jou omgee en luister].

Paulus se gebede help ons om iets hiervan te verstaan! Ons gaan met u deur die briewe van Paulus stap en kyk na hoe hy gebid het en wat ons daaruit kan leer!

Kom ons lees saam uit 2 Tessalonisense 1: 3-12

*<sup>1</sup>Hierdie brief kom van Paulus, Silvanus en Timoteus. Ons skryf aan die gemeente in Tessalonika wat aan God ons Vader en die Here Jesus Christus verbonde is. <sup>2</sup>Mag die genade en vrede van God ons Vader en van die Here Jesus Christus met julle wees.*

*<sup>3</sup>Broers en susters, dit is gepas dat ons altyd vir God dankie sal sê vir julle, want julle geloof hou net aan groei en julle almal se liefde vir mekaar word net groter! <sup>4</sup>Gevolgtlik vertel ons self met trots in God se gemeentes hoe julle volhard en glo onder al die vervolging en swaarkry wat julle verduur. <sup>5</sup>God sal die dinge wat julle deurmaak, gebruik om te wys dat Hy regverdig oordeel. Dit sal daarop uitloop dat julle waardig beskou sal word om in God se koningsheerskappy te deel. Dit is hiervoor dat julle ly.*

*<sup>6</sup>God is inderdaad regverdig: Hy sal julle verdrukkers met verdrukking terugbetaal. <sup>7</sup>Hy sal rus gee aan julle wat verdruk word – en ook aan ons. Dit sal gebeur wanneer die Here Jesus met sy magtige engele vanuit die hemel verskyn. <sup>8</sup>In 'n vlammeende vuur sal Hy die mense straf wat God nie ken nie; dit is hulle wat hulle nie gesteur het aan die Goeie Nuus van ons Here Jesus nie. <sup>9</sup>Hulle sal met ewige vernietiging gestraf word, weg van die Here se teenwoordigheid en sy heerlike mag af.*

*<sup>10</sup>Op daardie dag kom Hy om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort en om bewonder te word deur almal wat tot geloof gekom het – ook deur julle, want julle het ons getuienis geglo!*

*<sup>11</sup>Met dit in gedagte bid ons altyd vir julle. Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het. Mag Hy elke goeie voorneme en geloofsdaad met krag tot volkome uitvoering bring. <sup>12</sup>So sal die Naam van ons Here Jesus verheerlik word deur wat julle doen. En julle sal deur Hom verheerlik word op grond van die genade van ons God en die Here Jesus Christus.”*

Paulus begin sy gebed vir die gemeente in verse 11-12 met die woorde: “Met dit in gedagte”. Met ander woorde, dit wat hy in verse 3-10 geskryf het, is eintlik deel van sy gebed vir die gelowiges. Dit is die agtergrond en begroning vir sy gebed.

Paulus begin deur vir God dankie te sê, soos in die meeste van sy gebede wat opgeteken is, vir gelowiges en gemeentes! Maar het u opgelet waarvoor hy God dank? Nie dít waarvoor ons gewoonlik God dank nie. Soos byvoorbeeld ons gesondheid, dat dit goed gaan met ons, fisiese seëninge wat God aan ons gee.

Hy begin deur God te dank vir drie dinge in die gemeente. En al drie van hulle gaan oor wat God eintlik besig is om in die lewe van die gelowiges te doen – dit gaan oor God se genade!

**a. Eerstens dank hy God dat hulle “geloof aan hou groei”.**

Dat hulle nie net Jesus as Verlosser aanvaar het nie, maar dat hulle verder groei in hulle geloof in en vertrouwe op God! God is aan die werk in hulle lewens.

**b. Dan dank hy God dat “julle almal se liefde vir mekaar net groter word”.** Dat daar werklik ‘n groei is in hulle liefdesverhouding met mekaar en aanvaarding van mekaar. Dis nie moeilik om te sien hoekom Paulus so opgewonde daarvoor is en God daarvoor dank nie, want juis dít is die teken van ware geloof en ‘n lewende verhouding met God deur Jesus.

*“Hieraan sal die mense weet dat julle my dissipels is, aan julle liefde onder mekaar”* het Jesus uitdruklik gesê!

En hy dank God, want dit is deel van God se genade en werking in gelowiges se lewens om meer en meer liefde teenoor mekaar te betoon.

**c. Derdens is hy dankbaar teenoor God oor “hoe hulle volhard en glo onder al die vervolging en swaarkry wat hulle verduur.”**

Dat selfs die swaarkry en lyding hulle nie van God kon weg trek of hul geloof of liefde geskaad het nie! God was werklik aan die werk in hierdie gemeente en die gelowiges se lewens!

Die grondslag en raamwerk vir Paulus se gebed, is dus die genadewerk wat God besig is om in die gemeente en gelowiges se lewens te doen. Dit is waarop hy fokus en dit is wat regtig belangrik is!

Dis is dieselfde wanneer ons bid! Ons moet kyk en raak sien wat God aan die doen is! Ons moet God dank daarvoor!

Hierdie genadewerk van God is so fantasties as ons kyk na die omstandighede waaronder die gelowiges geleef het. Hulle het erge verdrukking en vervolging ervaar. Hulle het werklik swaar gekry! Ons kan ons moeilik indink hoe dit is om werklik te ly en gemartel te word en vervolgt te word enkel en alleen omdat jy Jesus as jou Verlosser bely! Hulle het dit ervaar!

Let op dat Paulus nie sy gebed begin deur te bid dat die bose mense/regering vernietig moet word of selfs dat die gelowiges uit die situasie gehaal moet word nie! (Ek kan nogal dink dat ek geneig sal wees om te bid dat God die omstandighede sal verander en verligting bring!!!!) Nee, Paulus dank God vir wat God se genade besig is om te doen te midde van die boosheid in die wêreld. Te midde van die erge vervolging en swaarkry wat die gelowiges ervaar!

Maar dit is nie asof die omstandighede van die gemeente en gelowiges nie saak maak of by Paulus verbygaan nie. Nee, hy praat nogal heelwat oor hulle lyding en vervolging, maar weereens anders as wat ons (ek) gewoonlik daarvoor sou praat!

Daar is twee dinge wat hy as belangrik ag vir die gelowiges wat so swaarkry en vervolgt word:

[Dit is belangrik ook vir my en jou in ons spesifieke omstandighede!]

**i. God sien raak en God sal die onreg nie vir ewig ongestraf laat nie!**

Vers 6 *“God is inderdaad regverdig: Hy sal julle verdrukke met verdrukking terugbetaal.”*

En dan voeg hy by (vers 7): *“Hy sal rus gee aan julle wat verdruk word – en ook aan ons. Dit sal gebeur wanneer die Here Jesus met sy magtige engele vanuit die hemel verskyn.”*

Die verlossing van die onderdrukking en onreg word in ewigheidsperspektief geplaas! Dit is baie belangrik om dit te verstaan. Paulus beskryf in detail hoe die goddelose gestraf gaan word, maar dit is met die wederkoms en finale oordeel. Dit is nie die afbid van God se straf en oordeel oor hulle hier en nou nie!

Dit is ook wanneer die gelowiges die heerlikheid in sy volle glorie uit hul Vader se hand sal ontvang. Dit is die moeite werd om aan te hou en uit te

hou, omdat hulle weet waarheen hulle op pad is en wat op hulle wag! As gelowiges hierdie perspektief uit hul lewe en gebed verloor, dan begin alles net draai om die hier en nou en dan raak omstandighede, en veral onreg en lyding en siekte en swaarkry, net te veel en sal jy tot niet gaan.

Dit is juis die ewigheidsperspektief – ten opsigte van die straf van die onreg EN die wonderlike loon en kroon wat wag op God se kinders; **wat ons gebede moet dra**. Jy moet bid oor jou omstandighede, lyding en swaarkry, en dié van ander gelowiges, maar altyd in die konteks van die oog gerig op die wederkoms en die ewigheid. DIT is die grootste werklikheid!

ii. Maar daar is ook 'n ander aspek wat Paulus noem (vers 5), ***“God sal die dinge wat julle deurmaak, gebruik om te wys dat Hy regverdig oordeel. Dit sal daarop uitloop dat julle waardig beskou sal word om in God se koningsheerskappy te deel. Dit is hiervoor dat julle ly.”***

Lyding in die lewe van gelowiges is nooit sinloos nie, maar God gebruik dit altyd tot my beswil. Dit laat my werklik groei in my vertrouwe op die Here en laat my al meer en sterker fokus op Hom en wat ek in Hom is en het! Dit is juis die swaarkry en lyding, die verdrukking wat hulle deurgaen, wat maak dat hulle gereed is vir die wederkoms en die finale ingaan in God se koninkryk!

Moenie net bid dat die verdrukking moet ophou nie (as ons in die Bybel lees, dan sien ons dat die verdrukking en vervolging nie hier op aarde gaan ophou nie, dit gaan eerder erger word soos wat die wederkoms nader kom!!). MAAR bid en wees bewus dat God juis die swaarkry wat ons nou beleef, gebruik om ons gereed te maak!

Dit maak ons gereed vir dit wat Paulus in vers 10 skryf: ***“Op daardie dag kom Hy om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort en om bewonder te word deur almal wat tot geloof gekom het – ook deur julle, want julle het ons getuienis geglo!”***

Maak weer jou geloofsbril skoon, sodat jy verder en beter kan kyk en sien!! Sodat jy Jesus kan sien wat aan die terugkom is! Sien uit na daardie dag wanneer ons Hom sal sien in Sy heerlijkheid en wanneer ons sal deel in daardie heerlijkheid!! Hoe helderder jy dit kan sien, hoe sterker gaan jy groei in jou geloof, liefde en volharding, ongeag die omstandighede!

Dit is dan binne hierdie raamwerk: “Met dit in gedagte...” dat Paulus vir die gelowiges in Tessalonika bid! En wat bid hy vir hulle??

*“Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het. Mag Hy elke goeie voorneme en geloofsdaad met krag tot volkome uitvoering bring. 12 So sal die Naam van ons Here Jesus verheerlik word deur wat julle doen. En julle sal deur Hom verheerlik word op grond van die genade van ons God en die Here Jesus Christus.”*

**a. Die eerste wat hy vir hulle bid, is dat God hulle waardig sal maak van die lewe waartoe God hulle geroep het!**

Dit is dieselfde as in Efesiërs 4:1 *“Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.”*

Paulus het reeds vir God gedank vir hoe hulle geloof groei en hulle liefde toeneem. Hier bid hy dat hulle lewe net meer en meer sal wys en uitleef dit wie God hulle gemaak het!

Dit is seker een van die belangrikste gebede wat ons vir die gemeente en gelowiges kan bid. Dat ons net meer en meer sal fokus op en lewe en doen en praat en optree ooreenkomstig met wie God ons gemaak het. Die belangrikste wat in ons lewens moet gebeur, is nie om ryk of suksesvol of selfs beroemd te word of om 'n goeie of gemaklike lewe of goeie aftrede te hê nie, maar dat ek sal waardig sal lewe ooreenkomstig met wie God my gemaak het in Jesus. Dat ek werklik as kind van God sal leef in elke aspek van my lewe! Ons moet dit bid vir my familie en die gemeente. Word meer dit wie God my gemaak het om te wees!

**b. Die tweede wat Paulus vir hulle bid, is dat God deur Sy krag “elke goeie voorneme en geloofsdaad met krag tot volkome uitvoering bring”.**

Toe ek dit lees, kon ek net sê “Amen”, mag dit so wees asseblief, Here! Mag God gee dat elke gelowige, elkeen van u, daardie goeie voorneme 'n werklikheid sal laat word. Mag dit wat jy het en dit wat jy vir die Here en in Sy diens doen en wil doen, 'n werklikheid word!!

Baie mense begin met sulke goeie voorneme, maar leef dit nie uit nie! Bid daarvoor. Pleit vir hulle wat verlei word, wat deur verdrukking en swaarkry gaan. Bid vir hulle wat moeg raak, wie se hande slap raak en wie se knieë

begin knik. BID dat God die krag en genade sal gee dat dit gedoen en uitgeleef en vol hou sal word!

Sonder God se krag, die krag van die Heilige Gees, beteken al ons goeie voornemens niks! Psalm 127 sê “ *As God die huis nie bou nie swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs.*”

Bid vir jouself, vir jou familie, kleingroep, gemeente, en die kerk hier op aarde! Ons elkeen het dit so baie nodig! Dit is waarop ons moet fokus en waarvoor ons moet bid!

### **En wat is dan die DOEL van hierdie gebed? (vers 12)**

*“So sal die Naam van ons Here Jesus verheerlik word deur wat julle doen. En julle sal deur Hom verheerlik word op grond van die genade van ons God en die Here Jesus Christus.”*

Dit is baie duidelik dat dit gaan oor God se eer! Dat Jesus verheerlik sal word deur ons hele lewe, in elke aspek! Mag ons nooit vasgevang raak in iets anders as om te verseker dat my lewe, dat hierdie gemeente (wat ook al gebeur) se doel altyd sal wees om God te verheerlik! Dit moenie net mooi woorde wees nie, dit moet die motief van ons hele lewe wees.

Daar kom wel ‘n fantastiese aspek by, want Paulus skryf dat ons, die gelowiges, ook deur God verheerlik sal word! Wow! Alles is die moeite werd! Waarheen is ons op pad? Nie na absolute chaos nie (ja, dit lê op die pad), maar die eindpunt, ons bestemming, is die ewigheid en dit gaan ook uitloop op die verheerliking van die gelowiges!!

Daardie dag wanneer Jesus weer kom; wanneer God my bekendstel as sy kind, sal ek ‘n kroon ontvang uit die hand van die Almagtige God! Hulle wat my nou spot en verag sal sien dat ek deel in die heerlikheid van God. Moenie daardie perspektief verloor nie!!

Paulus sluit die gebed af waar hy begin het, naamlik dat dit alles moontlik is en gaan oor die wonderlike genade van God in Jesus Christus. Dit is God wat die goeie werk begin het, dit is God wat dit sal klaarmaak. Dit is God wat ons bewaar deur sy genade en wat ons bekragtig en ons geloofsoog skerp hou om te kan bly glo en groei!

God se genade – is alles. Ons is gered deur genade, ons groei geestelik deur genade, ons dra vrug deur genade, ons kan volhard en lyding verduur deur genade, ons word verheerlik en ontvang die ewigheid deur genade alleen!!

Dank God daarvoor!

**Amen.**

---

### **3. Gebed as kragtige wapen vir bediening**

---

**Skriflesing:** Romeine 15:30-33 (2020 Afrikaanse vertaling)

Ons is besig met 'n reeks oor 'n baie belangrike onderwerp - GEBED. Die krag van ons geestelike lewe lê in gebed! Die krag van ons bediening lê in GEBED! Want dit is die Heilige Gees wat ons bekragtig en wat alles moontlik maak.

Soos wat ons deur die gebede van Paulus gaan, sal u agterkom, dat daar deurlopende temas is. Byvoorbeeld om God te dank vir wat HY besig is om te doen in die lewens van gelowiges (God se genade); om ons lewe en wat aan die gebeur is, te sien in die lig van die verwagting van die wederkoms van Jesus. Wat ons doen en hoe ons leef, moet altyd wees met die wete dat Christus weer kom en dat ons eintlike bestemming, ons burgerskap, ons vaste woning, is NIE hier op aarde nie, maar by ons Vader vir ewig!

Daarom, wanneer Paulus in Kol. 3: 1-2 skryf: *“<sup>1</sup>Aangesien julle saam met Christus tot 'n nuwe lewe opgewek is, streef na die dinge wat daarbo by Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. <sup>2</sup>Laat julle gedagtes beheer word deur die hemelse dinge, nie deur dinge op die aarde nie.”* Dit is presies wat Paulus doen wanneer hy vir die gemeentes bid. En dit behoort waar te wees in ons gebede ook.

Gebed, is nie die herhaling van sekere formules of resepte nie. Nee, gebed gaan oor 'n persoonlike verhouding met my hemelse Vader. Gebed is wanneer ek gaan om met my hemelse Pappa te praat en na Hom te luister!



Vandag kyk ons na 'n besondere gebed van Paulus. Een wat hy vir homself en spesifiek sy bediening bid en waar hy die gelowiges vra om saam met en vir hom te bid. Gebed is 'n kragtige wapen in die bediening en in die redding van mense.

**Skriflesing:** Romeine 15:23-33 (2020 vertaling)

*<sup>23</sup>Maar noudat ek nie meer plek in hierdie streke het nie, en reeds vir baie jare die begeerte het om by julle uit te kom, sal ek dit doen <sup>24</sup>wanneer ek na Spanje onderweg is. Want ek hoop om julle op my deurreis te sien, en dan deur julle daarheen voortgehelp te word, as ek eers vir 'n tydjie die samesyn met julle geniet het.*

*<sup>25</sup>Maar nou is ek vir eers op pad na Jerusalem in diens van die heiliges.*

*<sup>26</sup>Macedonië en Agaje het dit naamlik goedgevind om 'n bydrae te maak vir die armes onder die heiliges in Jerusalem. <sup>27</sup>Hulle het dit goedgevind, en was dit bowendien aan die heiliges verskuldig. As die heidene in hulle geestelike seëninge gedeel het, is dit tog ook aan die heiliges in Jerusalem verskuldig om hulle met materiële seëninge te bedien. <sup>28</sup>As ek dit dan afgehandel en die opbrengs veilig aan hulle besorg het, sal ek by julle langs na Spanje reis.*

*<sup>29</sup>En ek weet dat wanneer ek na julle kom, dit sal wees met die volle seën van Christus. <sup>30</sup>Ek smeeek julle dan dringend, broers, by ons Here Jesus Christus en die liefde van die Gees, om deur julle gebede tot God saam te stry vir my, <sup>31</sup>sodat ek gered sal word van die ongelowiges in Judea, en dat my diens aan Jerusalem vir die heiliges daar aanvaarbaar sal wees. <sup>32</sup>So sal ek dan, as dit God se wil is, met blydschap na julle kom en by julle verfris word.*

*<sup>33</sup>Mag die God van vrede met julle almal wees. Amen.*

Na sy Damaskus bekering, was Paulus se hele lewe gewy aan diens aan Jesus en bediening. Hy was ook diep bewus daarvan dat dit nie mensewerk is nie en dat hy dit nooit sal regkry uit sy eie krag nie. Dit is alleen deur en in die krag van die Heilige Gees dat hy enigsins in staat is dit te doen.

Daarom versoek hy die gelowiges by verskeie geleenthede om vir hom en spesifiek vir sy bediening te bid! (Onder andere: Ef. 6:12, 18-20; 1 Tess. 5: 23-25; 2 Kor. 1:8-11)

Ook hier in verse 30-32.

Kom ons kyk na **4 belangrike aspekte** wat in hierdie gebed na vore kom:  
**1. Vir Paulus was hierdie gebed 'n saak van dodelike erns!**

Let op die woorde wat hy gebruik: *“dringend”, “SMEEK”, “deur julle gebede tot God saam te stry vir my”*. Dit is baie sterk en ernstige woorde! Boonop skryf hy dat hy hul gebede versoek *“by ons Here Jesus Christus en die liefde van die Gees”*.

Jy voel sommer die diepte en erns in Paulus se versoek. Paulus noem sy eie gebed *“'n ernstige worsteling met God”*. En hy vra dat die gelowiges ook saam met hom moet worstel in die gebed met God. Nie om God se arm te probeer draai nie, maar om met ware erns vir hom en sy bediening in te tree. Hy is terdeë bewus daarvan dat daar erge teenstand teen sy bediening is. Hy is verskeie kere amper doodgemaak oor sy bediening! Om werklik in te tree vir ander en vir hul bediening is 'n ernstige en belangrike saak! As ons dit doen staan ons in die voorste linie van die stryd teen die bose!

Dalk sal u onthou dat ons verlede maand gepreek het oor die wapenrusting wat gelowiges moet aantrek. Aan die einde van die gedeelte (Ef. 6:18-20) skryf Paulus:

*“<sup>18</sup>Doen alles deur gebed en smeking. Laat die Gees julle elke keer in die gebed lei. Bly in alle omstandighede op julle hoede en bid vir almal wat aan God behoort. <sup>19</sup>Bid ook vir my, dat wanneer ek moet praat, woorde aan my gegee sal word om met vrymoedigheid die geheime plan van die Goeie Nuus bekend te maak. <sup>20</sup>As ambassadeur van hierdie Goeie Nuus is ek in boeie. Bid dat ek, soos dit hoort, die Goeie Nuus met vrymoedigheid sal verkondig.”*

Om Christen te wees, maak dat ek betrokke is in 'n worstelstryd met die Bose. Dit maak dat Satan alles in die stryd sal werp om my van Christus asook om my volle toewyding aan Hom weg te rokke. Daarom is dit nodig om die volle wapenrusting aan te trek. Daarom is dit nodig om staande te kan bly en is GEBED absoluut noodsaaklik! Daarsonder beteken dit niks. Wanneer ek in die bediening is, dan is ek aktief besig om mense vir Christus te wen en in die geloof op te bou en sterk te maak teen die aanslae

van die Bose. En raai wat? Dan word ek 'n spesifieke teiken van die Bose, want ek staan in sy pad om mense se lewens te verwoes en vernietig! Paulus het dit nie net besef nie, maar ook beleef aan sy eie lyf! Daarom vra hy dat die gelowiges werklik ernstig vir hom en sy bediening moet bid, want hy is besig met Geestelike oorlogvoering.

U moet ook asseblief besef hoe belangrik u gebede is vir my, Louis, Salmon, elke prediker, elke leier in hierdie gemeente, want ons veg vir die uitbreiding van God se koninkryk. Ons veg vir die verlossing van mense. Ons is teikens van intense bese aanvalle!! U aanhoudende, ernstige gebede is absoluut noodsaaklik en onontbeerlik vir ons om voort te kan gaan met bediening in God se Koninkryk!

## **2. Daar is twee dinge wat Paulus spesifiek vra dat die gelowiges vir sy bediening moet bid:**

a) Bid *“sodat ek gered sal word van die ongelowiges in Judea”*.

Paulus is op pad na Jerusalem onder leiding (instruksie) van die Heilige Gees. Hy weet dat veral die Joodse leiers in Judea deurgaans sy bediening probeer keer of ontwrig het. In Hand. 9:29 lees ons dat die Griekssprekende Jode in Jerusalem hom probeer doodmaak het. Ook in Hand. 13:44-45, 13:50, 14:19 lees ons van vervolging en selfs steniging deur Joodse leiers uitgevoer of deur hulle aangehits is.

Paulus het rede gehad om te bid en om te vra vir gebed dat hy teen hulle (spesifiek kerkleiers van sy tyd) beskerm sal word. Ons moet besef dat ons vandag steeds, wanneer ons vreesloos Jesus as enigste en ware Verlosser verkondig, daar sterk teenstand is vanuit die gemeenskap en selfs vanuit amptelike godsdienskringe.

Daar is mense wat verkondig dat verdraagsaamheid is belangriker as die waarheid; dat aanvaarding van mense belangriker is as hulle redding van die ewige verdoemenis. Daar sal altyd mense wees wat nie glo nie, wat Jesus en die Evangelie verwerp! En hulle sal die bediening wat Jesus en die Woord van God met eerlikheid en opregtheid verkondig, probeer stilmaak. Wees bewus daarvan!! Dit is 'n werklikheid!

Maar, elke gelowige, elkeen wat hier inluister, kan saam veg vir die uitdra van die Blye Evangelie en die redding van mense deur te bid vir ons. Deur te bid vir predikers en geestelike leiers wat vreesloos die Woord van God verkondig. Deur te bid dat hulle beskerm sal word teen mense wat Jesus verwerp, binne en buite die kerk!!

Daar is soveel magte aan die werk om die ware verkondiging van die Woord van God te probeer keer. Selfs waar Christen leiers nie met fisiese geweld gedreig word nie, is daar dikwels subtiele en soms openlike aanvalle om ware geestelike leiers af te takel en te vernietig!! Of om hul optrede/motiewe verdag te maak!

Bid dat predikers, sendelinge en kerkleiers nie afgeskrik sal word deur die dreigemente of aanvalle van buite of van binne nie! Bid ook dat geestelike leiers, predikante en predikers nie ingetrek word en so 'n behoefte het om aanvaar te word, dat ons op die ou end die skerpheid van die Woord inruil vir 'n aanvaarde posisie en erkenning in die samelewing nie!! Vriendskappe en posisie in die samelewing, wat wel vir leiers invloed kan gee, kan ook 'n lokval wees om jou kragteloos te maak en jou te muilband oor wat jy sê en verkondig!! Pasop. Bid asseblief daarvoor!

b) Tweedens bid Paulus *“dat my diens aan Jerusalem vir die heiliges daar aanvaarbaar sal wees.”*

Paulus is op pad na Jerusalem met 'n finansiële bydrae wat die gelowiges (hoofsaaklik nie-Jode) in Griekeland gemaak het om die Christene in Jerusalem te help. As gevolg van 'n geweldige droogte het hulle erge ellende beleef! Vir Paulus was dit baie meer as net 'n geskenk/ finansiële bydrae! As ons 2 Kor. 8 en 9 lees, dan sien ons hoe hy daarvoor skryf as 'n besondere liefdesgawe en dat dit sal lei tot oorvloedige dankbaarheid teenoor God (2 Kor. 9:12-13a *“Die bediening van hierdie hulp voorsien nie net in die behoeftes van die gelowiges in Jerusalem nie, maar word 'n stroom van danksegging teenoor God. <sup>13</sup>Deur hierdie diensbetoning sal hulle aan God die eer gee.”*).

Dit was ook bedoel om te lei tot 'n baie groter eenheid tussen die Joodse en nie-Joodse Christene! Daarom was dit 'n besondere diens wat hy vir die gelowiges in Jerusalem bring. Maar dit was belangrik dat hulle dit in die

regte gesindheid sal aanvaar, sodat dit werklik oorfloedige eer en dank aan God kan bring en gelowiges kan saambind!

Soms is dit vir gelowiges baie moeilik om met grasia en dankbaarheid iets van medegelowiges te aanvaar! En dit staan in die pad van ware liefde en groei in ons geloof en ervaring van God se voorsiening. Want hoe voorsien God? Hy voorsien deur Sy liggaam, dit is medegelowiges!

Paulus vra dat die gelowiges sal bid dat die Christene in Jerusalem tog 'n oop en regte gesindheid sal hê om die hulp wat vir hulle gegee word, te ontvang en aanvaar as 'n geskenk uit die hand van God!

Bid dat ons nie alleen mekaar se nood sal raaksien en sal help nie, maar dat ons ook bereid sal wees om gehelp te word en hulp van 'n medegelowige te sien vir wat dit werklik is. 'n Geskenk van God. En dat dit sal lei tot oorfloedige dankbaarheid en eer aan God en groter eenheid tussen christene!

Bid ook dat mense die diens en boodskap van God se gesalfdes sal aanvaar – juis ook wanneer dit hulle ongemaklik maak! Ons moet besef dat ons in 'n tyd leef waar baie kerk toe kom vir vrede en geluk eerder as vergiffenis en heiligmaking. Hulle kom kerk toe sodat hulle eerder goed kan voel oor hulself as om die waarheid van hulle sonde of verlorenheid te hoor en die waarheid oor verlossing! Hulle kom kerk toe waar vermaak dikwels belangriker is as aanbidding en welsprekendheid belangriker as die waarheid.

Bid dat predikers nie sal probeer voldoen aan die sondige behoeftes van die gemeentes nie, maar dat die Goddelike Woord reg sal sny. Bid vir ware goddelike, toegewyde kinders van God wat getrou is aan die Woord en die Gees en dat hulle bediening aanvaar sal word!.

### **3. Dordens vra Paulus dat hulle sal bid vir die voortgang van sy bediening!**

Wanneer Paulus vra dat hulle sal bid dat hy by hulle kan aankom en deur hulle verfris te word, skryf hy dit teen die agtergrond van die vorige verse. Hy is van plan om, nadat hy in Jerusalem was, na Rome te kom om 'n tyd

met die gelowiges daar deur te bring. Maar dan wil hy daarvandaan verder met sy bediening na Spanje gaan. Hy glo dat die Here hom lei om die Evangelie in Spanje te gaan verkondig!

Hier sien ons iets belangrik in Paulus se bediening en in die versoek tot gebed vir sy bediening. Dit gaan nie net oor die hier en nou nie. Dit gaan ook nie net oor die praktiese alle daagse probleme nie. Ja, daar is plek daarvoor in ons gebede, maar dit gaan oor die groter prentjie om die Evangelie nog verder verkondig. Ons moenie net bid vir ons predikante en ons bediening en dat hierdie gemeente groot en sterk kan raak nie, want ons moet 'n skakel wees in God se groter ketting om elkeen te bereik met die blye Evangelie. Ons moet besef dat ons diens en bediening baie verder gaan as die grense van hierdie gemeente.

“Here, wat is die volgende stap? Here, waarheen stuur, lei U my?” Dit moet my vraag wees. En daarvoor en daarvoor moet ons bid en bly bid. En julle moet vir ons, myself, Louis, Salmon, en die predikers bid. Dat ons voortdurend verder sal kyk en sien wat God voor ons plaas en waarnatoe Hy ons lei!

Een van die wonderlikste ervarings van bediening in hierdie gemeente, is juis die visie dat ons nie hier is vir onself nie. Ons betaal nie 'n predikant om net ons te bedien en gelukkig te hou nie, maar ons staan in diens van die Koninkryk. Ons God het 'n groter plan en doel. Dink groot, bid groot! Wees oop vir wat Heilige Gees sê en waar God lei!

Vir Paulus was die versoek dat die gelowiges moet bid vir beskerming teen die ongelowiges in Jerusalem en dat die bediening aanvaar moet wees en dat hy veilig by hulle in Rome kan kom, NIE sodat dit met hom goed kan gaan en hy 'n lekker tydjie kan hê nie. Nee, dit is sodat hy kan aangaan met die volgende fase van die uitdra van hierdie wonderlike boodskap van God!

#### **4. Die vierde aspek in hierdie gebed, is dat hierdie gebed van Paulus nie verhoor is nie soos wat hy gevra het nie.**

Ten spyte daarvan dat hy ernstig geworstel het in gebed daarvoor en die gelowiges saam ernstig daarvoor gebid het, en ten spyte daarvan dat niks

wat hy gevra of gebed het onbybels was nie, is die gebed nie so beantwoord nie en het dit nie so gebeur nie!

Ek wil kortliks 'n paar aspekte noem:

a. **gebed is nie towerreseppies of rympies nie!** Alle gebed, alle opregte gelowige gebed, word nie altyd positief beantwoord nie.

Bv: Jesus se gebed in Getsemane is ook nie positief beantwoord nie. In 2 Kor. 12:1-10 vertel Paulus van 'n ander gebed wat hy ernstig gebed het en dit het nie gebeur nie – “doring in die vlees!”

b. **Gebed gaan oor 'n verhouding** – dis nie 'n formule om my wil te laat geskied nie! Die verhouding is belangrik. Ek is belangrik vir God, belangriker as om net vir alles wat ek ernstig vra “ja” te sê! Hy het my meer lief as dit! EN Hy het 'n soveel beter plan as om maar elke keer my klein plannetjies goed te keur!

Paulus is nie bewaar teen die ongelowiges in Jerusalem nie, hulle het hom laat gevange neem. Uiteindelik het hy wel in Rome gekom, maar nie om te rus soos hy verwag het en gebed het nie, maar as 'n gevangene en waarskynlik is hy daar tereggestel. Sover ons weet, het hy nooit in Spanje uitgekom nie!

Was sy gebed en dié van die gelowiges tevergeefs? Beslis nie. God se plan was net anders – en daarom beter! Ons sal nie hier op aarde altyd verstaan waarom ernstige gelowige gebede nie positief beantwoord word nie. Wat Paulus se gebed betref kan ek wel sien dat die tyd wat Paulus in die tronk was, hy die meeste van die Nuwe Testament briewe geskryf het. Briewe wat van onskatbare waarde is nie net vir die mense van Spanje nie, maar vir gelowiges regoor die wêreld en regdeur die eeue!

Daarom, wanneer ons kniel om te bid, doen dit met erns. Bid ook vir ons en alle leraars en predikers en leiers asseblief! Bid juis in hierdie tyd vir ons en vir elke Christen-leier om te staan by die waarheid en om onwrikbaar aan God bo alles getrou te bly. Bid dat ons werklik sal beseef dat die enigste manier waarop ons staande en op ons pos kan bly teen die listige aanslae van die Bose, is deur aanhoudend te bid en ons krag te soek by God en in Sy groot mag.

**Amen.**

---

## 4. Gebed vir geestelike groei.

---

**Skriflesing:** Kolossense 1:3-14

Ek weet nie of u al ooit daaraan gedink het dat God, die almagtige God wat alles geskape het en dit alles onderhou, in jou lewe belangstel. Dit is dieselfde God wat ons deur Jesus Christus persoonlik kan ken. Dieselfde God met wie ons 'n persoonlike verhouding kan hê en mee kan praat. Gebed is 'n besondere voorreg.

Soos Dominee Johan reeds gesê het, gebed is nie 'n tegniek of 'n formule nie. Gebed gaan oor 'n persoonlike verhouding. In die reeks kyk ons in die besonder na hoe Paulus bid vir die gemeentes aan wie hy skryf en wat dit ons kan leer oor gebed.

Sover het ons reeds oor twee belangrike aspekte gesels. Die eerste is, hoe bid ons in 'n wêreld vol boosheid? Hoe bid ons wanneer ons onregverdig behandel word, wanneer ons verdruk word vir ons geloof? Paulus moedig ons aan om te bid met ons oog gerig op die ewigheid, want God sal regverdig oordeel!

Die tweede gebed van Paulus wat ons behandel het, het gegaan oor gebed as 'n kragtige wapen vir bediening en vir die redding van mense. Dit is so 'n belangrike aspek. Ons predikante, ons leiers, ons predikers het gebed nodig om die werk te doen wat God ons geroep het om te doen. Sonder gebed kan ons dit nie doen nie. Sonder gebed is ons weerbaar vir satan se strikke en streke. Kan ek u weer vra soos wat Dominee Johan laas week gevra het, bid asseblief vir ons. Bid vir ons as predikante, bid vir ons predikers, bid vir ons leiers. Ons het julle gebede dringend nodig!

Vanoggend gaan ons na nog 'n belangrike aspek van gebed kyk. Gebed vir geestelike groei. Die gebed wat Paulus vir die gelowiges in die brief van Kolossense bid.

Kom ons lees uit **Kolossense 1:3-14**.

*<sup>3</sup>In al ons gebede dank ons God, die Vader van ons Here Jesus Christus, vir julle, <sup>4</sup>want ons het gehoor dat julle in Christus Jesus glo en van julle liefde vir al God se mense. <sup>5</sup>Julle doen dit omdat julle hoop om dit te ontvang wat in die hemel vir julle gereed lê. Julle het daarvan gehoor toe die waarheid van die Goeie Nuus aan julle verkondig is. <sup>6</sup>Dieselfde Goeie Nuus wat julle bereik het, gaan ook oor die hele wêreld uit. In die hele*



*wêreld dra dit goeie vrug en versprei dit, net soos dit by julle gebeur het vanaf die dag toe julle die waarheid oor God se genade gehoor en verstaan het.*

*<sup>7</sup>Epafras, ons geliefde medewerker, het julle daar-van geleer. Sy getroue diens aan Christus is in julle belang. <sup>8</sup>Dit is hý wat ons vertel het van die lief-de wat die Gees in julle bewerk het.*

*<sup>9</sup>Van die dag af wat ons dít oor julle gehoor het, hou ons daarom nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy gees-te-like wysheid en insig aan julle sal gee sodat julle heeltemal seker sal wees van wat Hy wil hê. <sup>10</sup>Ons bid ook dat julle leefstyl tot eer van die Here sal wees om Hom te behaag deurdat julle lewe vol goeie werke sal wees en dat julle God al hoe beter sal leer ken. <sup>11</sup>Ons bid dat Hy deur die krag van sy goddelike heerlijkheid julle sal toerus met al die krag wat julle nodig het om in alle omstandighede geduldig te volhard terwyl julle met blydschap <sup>12</sup>altyd die Vader dank dat Hy julle geskik gemaak het om in die erfenis van God se mense te deel, die erfenis wat wag vir mense wat vol-gens sy wil lewe. <sup>13</sup>Hy het ons verlos uit die mag van die duisternis en ons oorgebring onder die koningsheerskappy van sy geliefde Seun. <sup>14</sup>Deur die Seun het ons verlossing verkry, naamlik die vergewing van sonde.*

### **Agtergrond van Paulus se gebed:**

Daar is twee baie belangrike aspekte wat ons sien in Paulus se gebed vir die gelowiges.

### **Die eerste een is hoe hy vir hulle bid:**

#### **1. Paulus bid vir gelowiges wie Hy nog nooit ontmoet het nie.**

Dit is opvallend wanneer mens die brief mooi lees, want mens sien dat Paulus bid vir gelowiges wie hy self nog nooit persoonlik ontmoet het nie. Hy sê in vers 9 dat hy van hulle gehoor het by Epafras, 'n medewerker in die evangelie. Epafras was self 'n gelowige wat uit Kolosse gekom het en hy het heel waarskynlik onder Paulus se bediening in Efese tot bekering gekom. So, wanneer Paulus vir die gelowiges bid dan bid hy vir sy geestelike kleinkinders.

U sien, ons, en ek, het die geneigdheid om te bid net vir dié wat naby aan my is. My vrou, my kind, my familie, dan dalk nog bietjie wyer vir my kollegas, die gemeente en die leiers in die gemeente. Nou daar is niks fout

daarmee nie, want as ons nie vir dié bid in ons nabye sirkel van invloed nie, wie gaan? Ons moet vir ons vrou of man, ons moet vir ons kinders, ons familie, ons gemeente, ons leiers, en predikante bid!

Maar ek glo ons het ook daarmee saam 'n verantwoordelikheid om bewus te wees van die weier familie van God. Om bewus te wees byvoorbeeld van die behoeftes van gelowiges in ander lande en om vir hulle in te tree by God.

Daarom is die werk van “Open Doors” so kosbaar en so belangrik. Hulle herinner ons dat daar nie 'n vervolgte kerk en 'n vrye kerk is nie. Daar is net die kerk. Ons is een kerk. Ons is een liggaam.

Wat gebeur met gelowiges in Afghanistan raak ons. Wat gebeur met gelowiges in Noord-Korea raak ons. Wat gebeur met gelowiges in Sirië raak ons. Want hulle is ons familie. Hulle vreugdes is veronderstel om ons vreugdes te wees en hulle seer ons seer. Want ons is deel van een liggaam! Die liggaam van Christus! Dominee Johan het laas week gesê ons is 'n skakel in 'n lang ketting van die Here se werk!

Daarom wil ek U aanmoedig om bewus te raak van God se werk nie net in jou eie sirkel nie, maar ook op ander plekke hier in Nieu-Seeland, in die wyer ACK, in die wyer kerk maar ook spesifiek in lande waar die kerk vervolgt word. Maak gebruik van die gebedsgids wat uitgestuur was die week om te bid vir die behoeftes van gelowiges reg oor die wêreld. Word 'n wêreld Christen ... nie 'n wêreldse Christen nie. Word 'n wêreld Christen wat intree vir die liggaam van Christus!

## **2. Paulus bid sonder ophou vir die gelowiges.**

Die tweede ding om op te let oor Paulus se gebed is dat Hy onophoudelik vir die gelowiges intree by God. Hy se in vers 9, *“Van die dag af wat ons dít oor julle gehoor het, hou ons daarom nie op om vir julle te bid nie.”*

Die punt wat Paulus hier maak is nie dat hy net die heeltyd bid en niks anders doen nie. Ek glo nie dit sou sin maak as mens kyk na hoe besig Paulus was nie. Die punt is eerder dat daar sekere goed is wat 'n mens gereeld voor moet bid; gereeld vir ons Hemelse Vader voor moet vra!

Jesus het self vir ons die voorbeeld gestel in die onse Vader waar Hy sy volgelinge leer om te vra vir hul daaglikse brood. Ons bid nie eenmalig vir die Here om in ons behoeftes te voorsien nie. Ons bid daagliks dat Hy in

ons behoeftes sal voorsien. Ons bid nie eenmalig dat God ons meer soos Jesus sal laat word nie, dit is iets wat ons gereeld van God moet bid en vra, want ons het Hom konstant nodig om dit te doen!

Ons sal netnou kyk na die spesifieke gebedsversoeke wat Paulus gereeld voor God bring vir die gelowiges.

### **3. Paulus dank God en vra God vir meer tekens van Sy genade in die lewens van die gelowiges.**

Derdens sien ons dat Paulus die Here dank vir tekens van genade in die lewens van die gelowiges aan wie Hy skryf en dat Hy bid vir meer van dit! Nes hy gedoen het vir die gelowiges in Tessalonika wat Dominee Johan met ons gedeel en op ander plekke ook!

In vers 4-5 dank hy God vir die gelowiges se liefde, se geloof en hulle hoop. Dit is drie kern kenmerke van iemand wat in 'n lewende verhouding met God leef. Die drie kenmerk kom ook voor in 1 Korintiërs 13 en op ander plekke in die Nuwe-Testament. Hy dank ook God dat die gelowiges die ware evangelie aanvaar het en daaruit lewe. Dit was baie belangrik juis omdat daar soveel valse leringe was in die omgewing waar die gelowiges gebly het.

Paulus dank God hiervoor. Dit gee aanleiding dat Paulus vir God vra vir meer van dit in hulle lewens! Hy bid dat die tekens van God se genade in die lewens van die gelowiges net nog meer sal toeneem.

U sien ons gewoonte is om gewoonlik met die meeste êrens te bid wanneer daar 'n probleem en krisis is. Daar is niks daarmee fout nie! Dit is belangrik om ons behoeftes aan ons Hemelse Vader bekend te maak. Maar as ons net bid in tye van krisis en oor krisisse in ons eie lewens of in die lewens van ander dan mis ons 'n belangrike aspek van gebed. Paulus leer ons hier om nie net te bid wanneer daar 'n krisis is of wanneer dit sleg gaan nie. Maar Hy leer ons om te bid wanneer dit goed gaan met ons, ons familie, ons kerk, ons leiers; wanneer ons God sien werk in ons lewens, ons familie, ons kerk, en ons leiers se lewens.

Ek glo sy voorbeeld wil ons leer om nie net te bid wanneer jou kind slegte keuses maak en jy bekommerd is oor om of haar nie. Bid vir hom wanneer hy vordering maak in die geloof; wanneer hy die een was wat opgestaan het vir wat reg is by die skool. Dank God vir dit en bid dat God vir hom nog

meer moed sal gee om in alle omstandighede sy geloof met opregtheid en integriteit uit te leef.

Moenie net bid vir die gemeente wanneer daar probleme is in die gemeente en wanneer mense ongelukkig is nie. Ja, bid ook in dié tye, maar bid ook wanneer dit goed gaan met die gemeente; wanneer mense mekaar lief het ten spyte van hulle verskille; wanneer hulle groei in hulle verhouding met Jesus. Bid dat dit nog meer so sal wees.

Geliefdes, ek glo dit is 'n ontsettende belangrike aspek van gebed om God te dank vir die tekens van genade wat jy sien in die lewe van gelowiges en bid ernstig vir meer van dit!

**In lig hiervan is daar 'n paar spesifieke goed wat Paulus van God vra in gebed ter wille van die gelowiges se vordering in die geloof en hulle geestelike groei.**

Dit is alles goed wat ons vir onself, vir ons leiers en ander gelowiges kan en moet bid.

### **1. Geestelike wysheid en insig sodat hulle God se wil kan ken.**

Hy sê *“ons vra God dat Hy geestelike wysheid en insig aan julle sal gee sodat julle heeltemal seker sal wees van wat Hy wil hê.*

Paulus bid met God se openbaarde wil in gedagte; dit wat God vir ons duidelik bekend gemaak het in Sy Woord. Paulus bid dat God vir die gelowiges deur die Heilige Gees insig en wysheid sal gee om dit al beter te kan verstaan!

Dit is so belangrik dat ons God se wil al hoe beter sal leer ken en dat Sy Gees dit al hoe meer vir ons sal oop breek, want sonder dit kan ons nie groei in geestelike volwassenheid nie.

### **2. Dat hulle leefstyl tot eer van die Here sal wees.**

Dit sluit baie nou aan met wat Paulus vir hulle volgende bid, en dit is dat hulle leefstyl tot eer van die Here sal wees. Hy bid dat hulle in elke opsig van hulle lewens sal leef tot eer van die Here. U sien, die Christelike lewe (of geestelike volwassenheid) gaan nie net om 'n klomp kennis van die Bybel te hê nie. Die doel van kennis is om 'n lewe te leef wat tot eer van die Here is.

Paulus sê vir ons wat dit beteken om tot eer van die Here te leef in die res van Sy gebed aan die gelowiges. Daar is 'n paar aspekte wat ek net vinnig met u wil deel:

### **a) 'n Lewe van goeie werke.**

Die eerste manier waarop Paulus se ons 'n lewe tot eer van die Here leef is deur ons te wy aan goeie werke. Paulus sê in vers 10, *“Ons bid ook dat julle leefstyl tot eer van die Here sal wees om Hom te behaag deurdat julle lewe vol goeie werke sal wees.”*

*‘n Lewe vol van goeie werke* kan ook vertaal word: *“om vrug te dra deur elke goeie werk.”*

As mens terug gaan na Johannes 15 toe, dan sien ons in Jesus se eie woorde dat as ons in Hom bly en Hy in ons, sal ons baie vrug dra. Vrug dra is 'n produk van ons verhouding met Jesus. Ons dra nie vrug om gered te word nie. Ons dra vrug omdat ons alreeds gered is.

*Efesiërs 2:10 “Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe.”*

Dit is eintlik so wonderlik om te dink dat God in ons en deur ons wil werk en dat Hy goeie werke vir ons elkeen bestem het!

### **b) Groei in ons kennis van God.**

Die tweede manier waarop Paulus sê ons 'n lewe tot eer van die Here leef, is deur God al hoe beter te leer ken. Dit beteken ons kennis van God met groei. Vroeër het ons gesê dat ons moet God se wil beter leer ken. Die doel hiervan is dat ons Sy wil sal gehoorsaam!

Dit is soos die psalm digter bid in Psalm 143:10, *“Leer my om u wil te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei op 'n pad wat gelyk is.”* Die Psalm digter bid nie net dat Hy God se wil sal ken nie, maar dat Hy dit sal doen.

Kennis van God en God se wil en gehoorsaamheid aan God loop hand aan hand. Ons het kennis nodig van God se wil om te weet hoe Hy wil hê ons moet leef. Aan die ander kant het ons gehoorsaamheid nodig om Hom beter te leer ken! Jesus sê in Johannes 7:17 *“As iemand gewillig is om God se wil te doen, sal hy weet of dié onderrig van God afkomstig is en of Ek uit my eie praat.”*

Dié wat ware kennis van God het is die wat God gehoorsaam

### **c) Met geduld te volhard.**

Die derde manier waarop ons 'n lewe tot eer van die Here leef, is deur met geduld te volhard. Paulus bid dat God deur Sy Goddelike heerlijkheid die gelowiges sal toerus met krag om in alle omstandighede te volhard. Ons sal volgende week bietjie meer gesels oor wat dit beteken om God se krag te ken deur gebed.

Wat Paulus hiervoor bid is dat ons werklik eer aan die Here sal bring in die manier waarop ons moeilike omstandighede in ons lewens hanteer. Ons fokus en ons lewens sal gerig wees op Jesus, selfs wanneer dinge nie uitwerk nie of wanneer dinge skeefloop of wanneer ons onregverdig behandel word. Terwyl Paulus in die tronk sit sê hy vir die gelowiges in Fillipi, *“Ek weet wat dit is om boonskraap te lewe, en ek weet wat dit is om oorvloed te hê. Ek het lewenservaring opgedoen vir alle omstandighede, vir wanneer ek genoeg het om te eet én wanneer ek honger is, vir oorvloed én tekort. Ek kan alles doen deur Hom wat my krag gee”* Filippense 4:12-13.

Dit is die woorde van iemand wat geleer het om met geduld te volhard in alle omstandighede. Geliefdes, dit is so belangrik om hiervoor te bid veral wanneer die wêreld Christene meer en meer verstoot.

### **d) Om met blydschap die Vader te dank.**

Die vierde manier waarop ons 'n lewe tot eer van die Here leef, is deur ons Vader met blydschap te dank! 'n Paar weke terug het ons gesien in Petrus se brief dat een van die kern kenmerke van 'n gelowige is blydschap! Een van die maniere hoe ons uitdrukking gee aan ons blydschap en hoe ons meer van God se blydschap ervaar, is deur God te loof en te dank vir wat Hy vir ons gedoen het in Jesus! Paulus noem vier goed in v.12-14:

*i) God het ons geskik gemaak om in Sy erfenis te deel.*

Deur Christus het God ons waardig gemaak om te deel in Sy hemelse rykdom. Ons het 'n skat wat nie van ons af weggeneem kan word nie!

*ii) God het ons verlos uit die mag van die duisternis.*

God het ons bevry uit die mag van satan.

*iii) God het ons onder die heerskappy van Jesus geplaas.*

Hy het vir ons nuwe lewe gegee. Hy het vir ons 'n nuwe eienaar gegee. Ons behoort volkome aan Jesus en aan Sy koninkryk! Ons leef as hemelse burgers op hierdie aarde!

*iv) God het ons sondes vergewe.*

God het ons sondes deur Jesus vergewe en ons van die greep bevry wat sonde oor ons lewe gehad het. Hy dit moontlik gemaak vir ons om 'n lewe van oorwinning te leef.

Paulus bid vir die gelowiges dat God hulle geestelike kennis en wysheid sal gee sodat hulle Sy wil sal ken en daardeur sal leef tot eer van die Here. Paulus bid dat hulle dit sal doen deur hulself te wy aan goeie werke en om hul kennis van God te vermeerder. Paulus bid dat hulle deur God se krag geduldig sal volhard in alle omstandighede en dat hulle Hom met blydskap sal dank vir alles wat Hy vir hulle in Jesus moontlik gemaak het!

Paulus se bediening onder die gelowiges en sy gebed vir die gelowiges is dieselfde: *“So wil ons graag elke mens in 'n volmaakte verhouding met Christus voor God laat staan” Kolossense 1:28.*

Sy begeerte is dat elke gelowige geestelik volwasse sal wees. Mag dit ons begeerte in gebed ook wees vir onself, vir ons families, die bediening, en vir die kerk as geheel. Kom ons volg Paulus se voorbeeld om nie op te hou bid totdat God Sy doel in ons lewens en in die lewens van ander gelowiges bereik het nie!

**Amen.**

---

## **5. Hoe bid ons sodat ons God se krag sal ken?**

---

**Skriflesing:** Efesiërs 1:15-23

Ons is op die oomblik besig met 'n reeks oor gebed. “'n Lewe van Gebed is 'n lewe vol krag.” In die reeks kyk ons spesifiek na hoe Paulus vir die gemeentes aan wie hy skryf gebid het en wat ons daaruit kan leer vir ons eie gebedslewe.

Sover het ons na drie van sy gebede gekyk. Eerstens, het ons na Paulus se gebed vir die gelowiges in Tessalonika gekyk waar ons gesien het hoe om te bid in 'n wêreld vol onreg. Tweedens, het ons na Paulus se gebed

vir die gelowiges in Rome gekyk waar ons geleer het dat gebed 'n kragtige wapen is vir bediening en die redding van mense. En laas week het ons na Paulus se gebed gekyk vir die gelowiges in Kolosse waar ons leer hoe om te bid vir geestelike groei.

Al die boodskappe is op ons webwerf as u van hulle gemis het of weer wil kyk, kan gerus weer daarna kyk!

Hierdie week en volgende week gaan ons bietjie stil staan by die gebede wat Paulus vir die gemeente in Efese gebid het. Voordat ek die gebed vir u lees, wil ek net so iets van die situasie in Efese met u deel.

Aan die een kant was die gemeente in Efese in 'n baie bevoorregte posisie. Hulle het só baie van God af ontvang. Volgens Handeling 19 het Paulus daar gepreek en bedien oor 'n tydperk van drie jaar. In Handeling 19:11-16 lees ons dat God deur Paulus se optrede verskeie wonderwerke laat plaasvind het en dat daar selfs duiwels uitgedryf was. Baie mense het tot bekering gekom en volgens Handeling 19:20 het die Woord van die Here kragtig gegroei! Naas Paulus, was daar ook ander invloedryke persone in die kerk wat in Efese bedien het. Onder andere Apollos wie, volgens handeling 18, 'n begaafde spreker was wat die evangelie duidelik verkondig het en die skrifte uitgelê het.

Maar aan die ander kant was daar ook 'n klomp uitdagings om vir die gelowiges in Efese. Efese was beroemd vir die groot tempel van Artemis. Die moeder godin wat groot inkomste verskaf het vir silwersmede wat afgod beeldjies van haar verkoop het. Ons lees in Handeling 19 van 'n groot opskudding wat plaasgevind het omdat 'n Silwersmid met die naam Demetrius vir Paulus aangevat het omdat Paulus verkondig het dat goed wat met mensehande gemaak is, nie gode is nie. As gevolg hiervan was die mense van Efese woedend vir Paulus en vir van die ander gelowiges.

In Efese was daar ook groot beelde vir die keiser opgerig en Christine was onder geweldige sosiale en finansiële druk gewees om deel te neem in die aanbidding van die keiser. Om 'n gelowige te wees in Efese en om Jesus se naam te dra was nie maar net sommer so nie.

Paulus was bewus van al die gevare gewees. Die gevaar aan die eenkant dat gelowiges met soveel geestelike rykdom oorgerus kan raak in hulle verhouding met God en dat daar altyd 'n gevaar is van stagnering in die geloof.



Die gevaar aan die ander kant was dat die gelowiges so geïntimideerd kan voel deur die omgewing wat hulle hulself in bevind, dat hulle hul vrymoedigheid in die geloof kan verloor. Die antwoord op die probleme vind ons in hoe Paulus vir die gelowiges bid.

Kom ons lees saam.

### **Efesiërs 1:15-23<sup>(NLV)</sup>**

*<sup>15</sup>Die nuus dat julle in die Here Jesus glo en liefde aan al God se mense bewys, maak dat ook ek <sup>16</sup>nie ophou om God vir julle te dank nie. Ek dink aan julle in my gebede en vra <sup>17</sup>dat die God van ons Here Jesus Christus – die Vader aan wie al die heerlikheid behoort – aan julle geestelike wysheid en insig sal gee deurdat julle Hom persoonlik ken. <sup>18</sup>Mag God julle harte so verlig dat julle sal insien watter wonderlike vooruitsig sy roeping inhou. Mag julle insien hoe 'n ryk heerlikheid dit is dat God sy eie mense vir Hom as 'n erfdeel verkry het. <sup>19</sup>Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo.*

*Dieselfde magtige sterkte was ook aan die werk <sup>20</sup>toe God Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het. <sup>21</sup>Nou is Christus hoog verhewe bo elke owerheid en gesag en krag en heerskappy, ja, elke noemenswaardige instansie, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in die wêreld wat kom. <sup>22</sup>God het alle dinge onder sy beheer gestel en Hom ook as Hoof van alles aan die kerk gegee. <sup>23</sup>Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in elke opsig met sy teenwoordigheid vul.*

### **Paulus se gebedsversoek vir die gemeente in Efese.**

Wanneer mens na Paulus se gebed aan die gemeente in Efese kyk, dan sien ons dat sy algemene gevoel teenoor die kerk positief is. Net soos by die gemeente in Kolosse dank Hy God spesifiek vir die gelowiges se geloof in Jesus en hulle liefde vir mense. Dit is deel van dit wat aanleiding gee tot sy gebed, maar dit is nie al wat aanleiding gee tot sy gebed nie. Paulus bid eintlike in die lig van alles wat Christus vir hulle moontlik gemaak het in v.3-14.

Daar spel Paulus alles uit wat Christus vir hulle gedoen het. Sy doel met die gebed is dat dit wat Christus vir hulle gedoen het meer en meer 'n realiteit in hulle lewens sal word! Dat hulle nie net sal stil staan by die

basiese waarhede van die evangelie nie, maar dat hulle daarin sal groei!  
Dat dit al hoe meer 'n werklikheid in hulle lewens sal word!

Vir dit om te gebeur, bid Paulus dat God hulle harte sal verlig of soos die grondteks sê die oë van hulle harte sal verlig. Dit is die beeld wat Paulus in v.18 gebruik. Hy gebruik die beeld van die hart, want die hart was deur die Jode beskou as die sentrum van die mens se wil en emosies. Daarom skryf die skryf van Spreuke onder andere: “Wees veral versigtig wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe” (Spreuke 4:23, 83vertaling)

Die Bybel sê ook dat ons harte verduister is en dit kan nie vanself die lig van die evangelie sien nie. Net die Heilige Gees kan ons harte verlig om die evangelie te sien en te aanvaar. Dit het alreeds gebeur in die lewens van die gelowiges aan wie Paulus hierdie brief skryf. Hy bid dus nie dat hulle sal van die duisternis na die lig toe sal gaan nie, maar dat God deur Sy Gees vir hulle nog meer lig sal gee. Paulus se gebed is dat ons al die rykdom van dit wat Christus vir ons gedoen het, al hoe beter sal sien en ervaar!

Daar is drie redes hoekom Paulus bid dat God die oë van hulle harte sal verlig:

### **1. Dat hulle God al hoe beter sal leer ken.**

Hy bid dat God aan hulle geestelike wysheid en insig sal gee deurdat hulle Hom persoonlik sal ken. Laas week het ons gesien dat Paulus vir die gelowiges in Kolossense gebid het dat God aan hulle geestelike wysheid en insig sal gee om Sy wil te ken. Hier bid Paulus dat God hierdie gelowiges geestelike wysheid en kennis sal gee sodat hulle vir God meer persoonlik en intiem sal ken.

Paulus bid vir wysheid en insig. Hy bid vir wysheid, want wysheid het te doen om prakties te weet wat God van my verwag en hoe Hy wil hê ek moet leef. Wanneer Paulus bid vir insig dan bid hy eintlik vir 'n openbaring. Hy bid dat God Homself, wie Hy is, Sy karakter, Sy weë, aan ons meer en meer bekend sal maak.

Ons het beide nodig om vir God meer persoonlik en intiem te ken en ons kan dit alleenlik verkry deur die werking van die Heilige Gees in ons.

Daarom skryf Paulus in **1 Korintiërs 2:14-15**, *“<sup>14</sup>Die natuurlike mens kan nie hierdie waarhede toe-eien wat van die Gees van God kom nie. Dit klink*

*vir hulle onsinnig. Hulle kan dit nie verstaan nie, want hierdie dinge moet vanuit 'n geestelike perspektief verstaan word. <sup>15</sup>Ons in wie die Gees is, verstaan al hierdie dinge,. Paulus bid dat God se Gees die gelowiges sal help om Hom nog dieper te ken.”*

Hy bid dit, want dit is die doel van Christenskap. Dit gaan oor 'n persoonlike verhouding met God. Dit gaan daarvoor om God beter en beter te leer ken.

Dit is amper soos in 'n verhouding tussen 'n man en vrou. Die dag wat jy 'n verhouding aanknoop is nie die dag wat jy alles van hom of haar ontdek nie. Dit is die begin van 'n leeftyd van ontdekking en om mekaar beter, persoonlik en intiem te leer ken. Dit is net so met God. Dit is een van die belangrikste goed wat ons voor moet bid vir onself en ander. Om God beter en beter te leer ken!

## **2. Dat hulle sal besef hoe wonderlik hulle hoop is.**

Die tweede rede hoekom Paulus bid dat God die oë van hulle harte sal verlig, is sodat hulle kan besef hoe wonderlik die hoop en die roeping is wat hulle as gelowiges het.

Paulus bid in v.18 *“Mag God julle harte so verlig dat julle sal insien watter wonderlike vooruitsig sy roeping inhou.”*

Ons lees in die nuwe-testament dat dié wat deur God geroep word is dié wat deur God vrygespreek en gered word. Dit is klaar 'n werklikheid, maar daar is ook 'n toekoms aspek hieraan verbonde. Dié wat geroep is, sal ook gered word in die finale oordeel wanneer Jesus terugkom. Dit is die hoop wat Sy roeping bied, soos wat dit vertaal word in die 2020 vertaling.

Wat Paulus hier in gedagte het, is die lewe op die nuwe hemel en aarde; in God se teenwoordigheid waar ons ons bevry gaan wees van siekte, sonde en dood. Daarom skryf Paulus in **Romeine 5:2** *“Deur Jesus Christus het ons, deurdat ons glo, toegang verkry tot hierdie heerlike posisie van genade waarin ons ons nou bevind, en ons jubel vol verwagting oor die heerlijkheid wat God aan ons gaan gee.”*

Hoekom dink u bid Paulus dat die gelowiges dit al hoe beter sal verstaan, begryp, en insien? Hy bid dit, want hoe ons oor ons toekoms dink bepaal hoe ons nou leef. Daarom se Paulus in **Efesiërs 4:1** *“Leef 'n lewe wat pas by die waardigheid van die roeping waarmee julle geroep is.”*

U sien, ons is geroep om as hemelse burgers in die hier en nou te leef. Ons is geroep om met hemelse waardes te leef. Maar ons kan dit net doen as ons werklik besef wat die wonderlike vooruitsig is wat Sy roeping vir ons inhoud. Daarom moet ons bid daarvoor. Ons moet bid dat God die oë van ons harte sal oopmaak om dit te kan sien en te kan ervaar in ons diepste menswees! Sodat dit ons ons waarder en manier van optree kan verander!

### **3. Dat hulle God se krag mag ken.**

v.19 *“Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo.”*

In v.20-23 sê Paulus vir ons presies waarin God se groot krag bestaan:

*i) Die krag wat God vir Jesus uit die dood uit opgewek het.*

Paulus begin deur te sê dat die krag wat in die lewens van gelowiges aan die werk is dieselfde krag is wat aan die werk was toe God vir Jesus uit die dood uit opgewek het.

Dit is die krag wat Paulus van praat wanneer hy in **Efesiërs 3:20** sê *“Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra.”* Dominee Johan sal volgende week bietjie meer hierop uitbrei. In die lig van wat Paulus hier sê moet u nooit weer sê dat u nie kan verander nie; dat u nie daardie slegte gewoonte of verslawing kan breek nie; dat jou huwelik nie kan verander nie. As jy dit sê, dan glo jy nie in die opstanding van Jesus nie!

Kan ek u aanmoedig om eerder te bid. Bid dat jy die krag van God sal ken. Dieselfde krag wat God vir Jesus uit die dood uit mee opgewek het!

*ii) Die krag waarmee God vir Jesus laat sit het aan Sy regterhand.*

Die tweede manier waarop Paulus die krag beskryf wat God mee werk is dat dit dieselfde krag is waarmee God vir Jesus verhef het tot Sy posisie van eer. Paulus sê dat God vir Jesus aan Sy regterhand laat sit het. Om aan die regterhand van ‘n koning te sit in daardie tyd, het beteken dat jy deur die koning ‘n plek van eer en outoriteit gegee was. Dit is soortgelyk aan wat Jesus vir Sy volgelingen sê in Matteus 28, *“God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou.”*

Hierdie woorde is om die gelowiges te herinner dat alhoewel dit lyk of die bese magte en maghebbers van die wêreld (en die geestelike wêreld) die oorhand het, hulle in werklikheid hulle almal onderhowe is aan Christus.

Paulus sê verder: *“Christus is hoog verhewe bo elke owerheid en gesag en krag en heerskappy, ja, elke noemenswaardige instansie, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in die wêreld wat kom.”*

Jesus se mag en outoriteit is totaal! Dit lyk dalk nie aldag vir ons so nie; dit voel dalk nie vir ons aldag so nie; dit voel dalk vir ons of alles uitmekaar val, maar dit is nie so nie! Jesus is in beheer. Nie die keiser nie. Nie satan en Sy magte nie. Jesus is! Paulus bid dat die gelowiges dit sal insien en hierdie krag van God sal ken.

*iii) Die krag waarmee God deur Jesus in die kerk werk.*

Paulus skryf in v.22-23 *“God het alle dinge onder sy beheer gestel en Hom ook as Hoof van alles aan die kerk gegee. 23Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in elke opsig met sy teenwoordigheid vul.”*

Geliefdes, God het aan die kerk ‘n besondere rol in die heelal gegee. God het alle dinge onder Jesus se beheer gestel sodat Jesus ook hoof kan wees ter wille van Sy liggaam, die kerk. God het aan Jesus alle mag gegee ter wille van Sy kerk! Die kerk verteenwoordig Christus en alles wat Hy moontlik gemaak het deur Sy versoeningswerk aan die kruis.

Die kerk is waar God op ‘n besondere manier teenwoordig is. En waar God se mense God se goedheid en sorg op ‘n besondere manier ervaar en beleef. In Efesiërs 5 wanneer Paulus oor die huwelik praat as metafoor vir Christus se verhouding met die kerk, sê hy *“<sup>29</sup>n Mens haat mos nie jou liggaam nie, maar voed en versorg dit. Christus maak net so met ons, die kerk, <sup>30</sup>omdat ons ledemate van sy liggaam is.”*

Geliefdes, daar is ‘n groot misterie wat Paulus hier oor skryf. Een wat ons nie ten volle met ons menslike begrip kan begryp nie! Wat wel duidelik is, is dat die kerk vir God ontsettend kosbaar en spesiaal is! Paulus bid dat die gelowiges aan wie Hy skryf dit sal besef! Hulle is nie ‘n klein sekte in die groot Romeinse ryk wat niks aansien of status het nie! Hulle is God se erfporse, hulle is Jesus se liggaam, hulle is die volheid van Christus!

Paulus bid dat hulle (dat ons) die krag sal besef en beleef waarmee God aan die werk is in ons lewens, in die kerk en in die heelal.

Geliefdes, ek wil saam met Paulus bid dat God deur Sy Gees die oë van ons harte sal oopmaak dat ons sal sien. Dat Hy vir ons geestelike insig sal gee sodat ons God al beter sal leer ken. Dat ons die wonderlike hoop

waarmee Hy ons geroep het beter sal verstaan en veral dat ons Sy krag sal ken. Dieselfde krag waarmee Hy vir Jesus uit die graf uit opgewek het, Hom aan Sy regterhand laat sit het en waarmee Hy deur Jesus in die kerk werk.

**Amen.**

---

## **6. Hoe bid ons sodat ons God se liefde sal ken?**

---

**Skriflesing: Efesiërs 3:14-21**

In uitdagende tye het Christene nog altyd die krag en genade ontvang om nie deur die omstandighede vernietig te word nie, maar om steeds God te bly dien en verheerlik – en om steeds saam te kom, ongeag die omstandighede!

In die volgende weke sal ons besin en saam bid en ons voor God verootmoedig oor wat Hy vir ons sê in die omstandighede waarin ons lewe en wat Hy van ons as sy kerk vra. Bid asseblief saam met ons! Ons is diep bewus daarvan dat mense uiteenlopende standpunte het en dat daar geweldige emosies betrokke is. Ons is ook bewus daarvan dat baie mense in die proses baie seerkry en seergemaak word. Ons leef werklik in ongewone tye leef. Kom ons onthou dat die belangrikste gebod is en bly die LIEFDE! Laat ons NOOIT liefdeloos optree, praat of reageer nie. Dit maak nie saak hoe sterk ek verskil of voel nie, die liefde moet alles oortref.

Terwyl ons besig is met 'n reeks oor GEBED, wil ek vanoggend vir u die gebed van Paulus vir die gelowiges in Filippense en vir ons lees...

### ***Filippense 1:9-10***

*“<sup>9</sup> Ek bid dat julle liefde vir mekaar meer en meer sal word deurdat julle 'n al beter begrip en 'n fyn aanvoeling ontwikkel.*

*<sup>10</sup> Dit sal julle in staat stel om dié dinge te onderskei wat regtig saak maak. Dit sal julle ook help om skoon en onberispelik te lewe tot op die dag wanneer Christus terugkom.”*

Verlede Sondag het Ds. Louis stilgestaan by Paulus se gebed vir die gemeente in Efese opgeteken in Efesiërs 1. Paulus bid dat hulle God se krag, die opstandingskrag van Jesus, in hulle lewe sal ervaar!

Vandag staan ons stil by 'n verdere gebed van Paulus vir die *Efesiërs* in hoofstuk 3. In hierdie gebed, bid hy ook vir God se krag vir hulle, maar dan krag om iets baie spesifiek te kan leer ken en ervaar!

Kom ons lees **Efesiërs 3:14-21**.

***14 Daarom kniel ek voor die Vader. 15 Hy is die Vader van elke gemeenskap in die hemel en op die aarde. 16 Mag Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy Goddelike grootheid aan julle die krag gee om innerlik sterk te word. 17 Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondwes wees. 18 Mag julle in staat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. 19 Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te bowe gaan, beleef.***

***Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.***

***20 Hy moet geprys word – Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra. 21 Die kerk wat aan Christus Jesus verbind is, moet Hom prys deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid! Amen.***

In verse 14-17 noem Paulus die Drie-eenheid: die *Vader*, die *Heilige Gees* en *Jesus Christus*, die Seun. Hy bid ernstig dat die Vader deur die Heilige Gees vanuit die rykdom van sy Goddelike grootheid aan die Christene KRAG sal gee!

Dit is *eerstens* 'n erkenning dat ons in onself kragteloos is. Dat dit wat hy hier bid vir die gelowiges net moontlik is indien die Vader deur die krag van die Heilige Gees dit vir hulle moontlik maak. Op soveel plekke skryf Paulus hieroor en hyself het ervaar dat hy in homself kragteloos is, maar in Christus en deur die krag van die Heilige Gees is hy egter tot alles in staat! **Fil. 4:13 (83) “*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*”**

Paulus lei die bekende gedeelte oor die wapenrusting van die Gees in met: **“*Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.*”** (Ef. 6:10 – 83 vertaling).

Wanneer ons vir mekaar en vir onself bid, is dit so belangrik om te besef en te bid dat *God* ons die krag en die vermoë sal gee. Ons moet besef en bid dat Hy ons in staat sal stel om te doen dit wat Hy wil hê ons moet doen! **(Fil. 2: 13) “*...want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.*”**

Waarvoor bid Paulus spesifiek?

**(v.16) “Mag Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy Goddelike grootheid aan julle die krag gee om innerlik sterk te word.”**

Dit is primêr ‘n gebed dat ek van binne na buite vernuwe sal word om al hoe meer te word en wees wie God my gemaak het om te wees. Die gebed is om innerlike krag en sterkte te ervaar te midde van beproewing, swaarkry, en moeilike omstandighede.

“*Innerlik* (-e mens)” is dieselfde woord wat Paulus gebruik wanneer hy in **2 Kor. 4:16 (2021) skryf: “Daarom gee ons nie moed op nie, want selfs al vergaan ons uiterlike mens, word ons innerlike mens van dag tot dag vernuwe.”**

Hy bid dus dat ek werklik in my *karakter* (wie ek is en hoe ek optree) al hoe meer God se krag en beheer sal ervaar. Ons wil so dikwels bid vir krag om wonderlike uiterlike dinge te kan doen, maar die grootste oorwinning en kragvertoon, is juis wanneer ‘n mens deur God se genade en die krag van die Heilige Gees in staat is om onder moeilike/uitdagende situasies steeds beheersd en volgens God se wil te kan reageer en optree. Deur gebed kan ek ‘n bo-natuurlike innerlike krag en beheersing hê!

Die doel van die gebed vir krag om innerlik sterk te word, is **(v17) “Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondves wees.”**

Dat Jesus werklik in my lewe tuis sal wees! En Jesus is *tuis* in my lewe, wanneer ek meer en meer lewe volgens God se wil en my lewe en gedagtes laat beheer deur die Heilige Gees! Jesus *is* in elke Christen se lewe, *maar* wanneer Jesus in my lewe inkom is soveel van my lewe nog in chaos en onder beheer van my sondige drange en begeertes. My lewe is nog besmet deur die sondige gedagtes en gewoontes! Dit is soos wanneer jy ‘n “do-upper” huis koop en daarin trek. Jy bly in die huis, maar dit is ‘n baie ongemaklike en dikwels onsmaklike bly. God wil deur die Heilige Gees in my lewe huis skoonmaak en restoureer sodat dit waarlik ‘n woonplek/tuiste vir Jesus en ‘n tempel vir die Heilige Gees kan wees... ‘n Woning waarin Jesus vreugde vind!



Dit is 'n proses en daarom bid Paulus dat die gelowiges die krag van God sal ervaar om *innerlik versterk (vernuwe)* te word – sodat Jesus sy *regmatige woonplek* in my lewe kan kry.

Saam met dit bid Paulus dat hulle as gelowiges in die LIEFDE van God gewortel en gegrondves sal wees! Hy bid dat God se liefde hulle lewe sal anker en begrond en vervul! Dit is God se liefde wat my redding moontlik gemaak het, want so lief het God die wêreld en my gehad (Joh. 3:16)! Dit is God se liefde wat my kom soek het en uit die put van verlorenheid kom haal het. God het my eerste liefgehad en sy liefde het aan my nie net redding gegee nie, maar ook 'n nuwe lewe en 'n toekoms!

Dit is so belangrik om *dit* voortdurend te besef en te onthou!!! My lewe en toekoms, *alles* wat ek is en het en hoop om te wees, kom vanuit *God se liefde vir my!*

Daarom behoort liefde die belangrikste kenmerk van 'n gelowige se lewe te wees!

Daarom is die liefde wat ons vir mekaar het die waarmerk dat ons werklik kinders van God is;

Daarom is liefde alles en sonder liefde, is ek en my lewe 'n hol simbaal en is ek niks! (1 Kor. 13:2)

Maar in hierdie gebed gaan Paulus verder en bid hy spesifiek dat God die gelowiges die krag sal gee (hulle in staat sal stel) om iets wat menslik onmoontlik is te begryp, te ervaar en uit te leef. En dit is om die omvang en grootsheid van God se liefde vir ons te begryp en ten volle te beleef!

Daarom BID hy daarvoor. Dit is 'n gebed wat ons gereeld vir mekaar en vir onself aanhoudend moet bid, want ons sal dit nooit regkry vanuit onself en vanuit wie ons is nie.

**v.18-19: “Mag julle in staat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. <sup>19</sup> Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te bowe gaan, beleef. Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.”**

Al is sy lesers Christene, besef Paulus dat hulle nie werklik die totale omvang van God se liefde kan begryp nie. Daarom bid hy vir God se krag om hulle in staat te stel om die onmoontlike te kan doen.

## Wat is die onmoontlike?

Om te kan begryp en in te sien hoe groot, hoe diep, hoe hoog en hoe wyd God se liefde vir ons en spesifiek vir MY as persoon is! Dit gaan oor baie meer as 'n intellektuele kennis of aanvaarding – selfs dit is al onmoontlik!! Want hoe kan ons klein menslike brein die grootheid, die totaal onverstaanbaarheid, van so 'n ontsaglike liefde probeer verstaan!

Dit gaan nie net oor die verstandelike weet en begryp nie, dit gaan veral oor die *ervaring*, die *belewing*, van God se liefde. Die Griekse woord vir 'ken' beteken 'n baie intieme, persoonlike, ervarings-kennis! Paulus bid dus dat die gelowiges iets sal beleef, dat hulle harte oop sal wees, om die oneindigheid van God se persoonlike liefde vir hul te beleef!

Met 'n teenstrydige stelling (*paradoks*) skryf hy dat ons dan Christus se liefde *wat alle kennis te bowe gaan, sal ken*. (In Grieks het die twee woorde wat hy gebruik dieselfde stam!) Ek moet bid dat God my in staat sal stel om die onmoontlike te doen. Ek moet bid dat ek *dit* wat meer is as wat ek kan weet of ken of verstaan regtig sal ken, sal ervaar, en sal beleef! *Naamlik*: Hoe lief God, hoe lief Jesus, my regtig het. En wanneer dit gebeur, *dan vul dit my hele lewe*. *Dan* is my lewe gewortel en gegrondves in die liefde. *Dan* raak die liefde ook die diepste waarmerk en uitkenningsteken van my lewe!

Dit is nie iets wat jy in die verbygaan kry nie, of in 'n boek gaan lees nie. Jy ervaar dit net in 'n baie *persoonlike intieme verhouding* met God, waar jy oop is vir Hom en die werking van die Heilige Gees. Waar jy tyd met Hom spandeer en nadink oor wie Hy is en wat alles in sy Woord geskryf is oor wie Hy is en Sy liefde vir my!

Dan sal ek vervul wees met die volheid van God! **(v19b) “Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.”** Dit beteken om werklik *geestelik volwasse* te wees. Dit beteken om die mens te wees wat God bedoel het dat ek moet wees. Ek kan dit net wees wanneer ek iets begin begryp, en ervaar, van God se onbegryplik groot liefde vir my en in my lewe. Dan kan ek meer en meer word wat God bedoel het ek moet wees!!

Die krag om dit te wees, kom van God en daarom bid Paulus daarvoor en sê hy **(v.20) “Hy moet geprys word – Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra.”**

Ja, dit is 'n *onmoontlikheid* vir ons. Dit klink na te veel gevra. Dit klink totaal onmoontlik vir jou. Paulus sê: onthou van wie vra ek dit?? Van die God vir Wie niks onmoontlik is nie. Hy is in staat om dit te doen en selfs soveel meer! God kan – daarom bid Paulus daarvoor!

Hierdie is nie 'n boodskap waar God jou uitstuur om nou iets spesifiek te gaan *DOEN* nie! Eintlik word jy *genooi* om hierdie gebed saam met Paulus vir jou man, vrou, gesin, familie, en gemeente te bid! Bowenal om dit vir jouself te bid en tyd te maak om genoeg stil te word by jou Vader sodat Hy dit in jou lewe kan bewerk en vir jou kan gee.

Ek het al die beeld gebruik dat jy onder die waterval van God se liefde staan. Jy moet oorspoel word, nie eerstens van wat God van jou vra of verwag nie, maar met wat God vir jou *GEE*! Jy moet oorspoel word deur sy liefde! Dy liefde moet oor, in, en deur jou hele lewe en elke aspek vloei!! Dit klink so onmoontlik! Paulus bid daarvoor! Ek bid daarvoor dat God vir jou die krag sal gee, dat Hy die onmoontlike vir jou moontlik sal maak. Ek bid dat jy iets van die grootsheid van God se liefde vir en in jou lewe sal verstaan en beleef!

Want DIT verander jou lewe. En DIT bring ware eer aan God!

AMEN.

---

## 7. 'n Gebed om eenheid – Jesus se gebed

---

**Skriflesing:** Johannes 17:20-26

Ons sluit vandag die reeks oor gebed af, nie met 'n gebed van Paulus nie, maar die gebed wat Jesus vir sy dissipels en Sy kerk gebid het. Jesus het hierdie gebed gebid die Donderdagaand voordat Hy gekruisig is! Dit is vir ons opgeteken en ek glo dat die Heilige Gees my met 'n doel na hierdie gebed gelei het in die afgelope week. Ons gaan spesifiek kyk na wat en hoe Jesus gebid het vir sy kerk, gelowiges, hierdie gemeente; en watter boodskap dit vir ons het.

Kom ons lees saam uit **Johannes 17:20-26**

***<sup>20</sup>“Ek bid egter nie net vir hulle (dissipels) nie, maar ook vir dié wat op grond van hulle boodskap nog in My sal glo. <sup>21</sup>Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in 'n hegte verhouding met My en***

***Ek met U is; dat hulle ook in 'n hegte verhouding met Ons mag leef sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. <sup>22</sup>En Ek het die heerlikheid wat U aan My gegee het, ook aan hulle gegee sodat hulle een kan wees net soos Ons een is. <sup>23</sup>Dit beteken dat Ek in 'n hegte verhouding met hulle en U met My moet leef, sodat hulle ten volle een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en dat U hulle liefhet net soos U My liefhet.***

***<sup>24</sup>“Vader, Ek wil graag hê dat dié mense wat U aan My gegee het, ook saam met My moet wees waar Ek is sodat hulle my heerlikheid kan sien, dié heerlikheid wat U aan My gegee het omdat U My voor die skepping van die wêreld liefgehad het.***

***<sup>25</sup>“Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U en hulle hier weet dat U My gestuur het. <sup>26</sup>Ek het u Naam aan hulle bekendgemaak en Ek sal dit nog verder bekendmaak sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle mag leef en Ek ook in 'n hegte verhouding met hulle mag leef.”***

Wanneer Jesus in Johannes 17 bid vir dié wat nog gelowig gaan word, dan bid Hy vir gelowiges en sy kerk deur al die eeue; en ook werklik spesifiek vir ons vandag hier in die Waikato gemeente!

In Sy gebed vir alle gelowiges, en ons, bid Hy duidelik en reguit vir die fisieke, konkrete eenheid van die kerk – al bestaan dit uit hoeveel tale, volke en nasies. Ons kan sonder vrees vir teenspraak sê dat die eenheid tussen gelowiges vir Jesus geweldig belangrik was!

Waarom is hierdie eenheid so belangrik? Jesus begrond die eenheid van die kerk in die eenheid van God. Die kerk moet een wees, soos die Vader, Seun en Heilige Gees een is. Natuurlik is die Vader, Seun en Gees nie dieselfde nie, al is hierdie drie Persone een God. Daar is ook in God diversiteit. Tog is God een.

Net so moet die kerk/gelowiges een wees. God se doel met die eenheid van die kerk is 'n eenheid van liefde, roeping en getuienis. Die sukses van Jesus se verlossingswerk en die kerk se roeping in hierdie wêreld hou met hierdie eenheid verband. Op grond van die eenheid sal die wêreld kan glo dat God die Vader Jesus gestuur het.

Hierdie eenheid in liefde, diens en roeping is absoluut deurslaggewend volgens Jesus.

## Jesus se gebed

In Johannes 17 bid Jesus sy aangrypende gebed kort voor sy kruisiging. Die gebed bestaan uit die volgende elemente:

- 'n Gebed vir **Jesus** se eie **verheerliking** (vers 1–5). Sy werk is afgehandel en Hy is gereed om terug te keer na sy Vader toe.
- 'n Gebed vir Jesus se **dissipels** (vers 6–8). Die dissipels is die mense wat die Vader aan Jesus gegee het, en hulle het Sy woorde aangeneem
- 'n Gebed vir die nood en behoeftes van die **dissipels** (verse 9-19). Jesus bid vir die bewaring van die dissipels, omdat die wêreld hulle haat, aangesien hulle aan die Vader behoort. Jesus bid dat hulle van die Bose bewaar sal word en trou sal bly aan die waarheid van die Woord.
- 'n Gebed vir die **toekomstige kerk** (vers 20–26). Die dissipel kring sal uitbrei, want ander sal ook tot geloof kom. Die kerk sal groei. Jesus bid vir groei en ook dat almal eendag in die heerlijkheid sal wees waar Hy sal wees. Jesus vra ook dat God se liefde in die dissipels sal wees.

Ons teksgedeelte kom uit hierdie laaste gedeelte van Jesus se gebed.

Dit is 'n aangrypende gebed vir die eenheid van die kerk, sodat die kerk se getuienis effektief sal wees. Jesus bid dat die liefde wat die Vader aan Hom bewys het, ook in die dissipels sal wees. Hy vra ook dat die kerk sy heerlike bestemming sal bereik, en Jesus se heerlijkheid by die Vader sal beleef.

Jesus bid vir die eenheid van die kerk. Verdeeldheid in die kerk is vir Jesus totaal onaanvaarbaar. Jesus bring 'n nuwe gemeenskap van volgelinge byeen wat gekenmerk moet word:

**(a)** deur 'n eendragtige navolging van Jesus. Sy dissipels word geestelik gebore uit die liefde wat die Vader deur die Seun aan hulle bewys het, en **(b)** moet mekaar daarom in liefde dien. Deur hulle eenheid en liefde **(c)** getuig hulle na buite. Omdat die kerk een is, sal die wêreld glo dat God nuwe lewe moontlik maak.

Vir Jesus is die eenheid van die kerk geleë in die eenheid van die Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk moet een wees soos God een is.

Vir die wêreld buite die kerk is dit 'n geval van "sien is glo". Die wêreld kan net glo wat hulle by die kerk sien. Daarom bid Jesus in Johannes 17 dat

die kerk één sal wees sodat die wêreld kan sien (17:24), glo (17:21) en weet (17:23). Hulle kan net sien as die kerk sigbaar een is.

Dit is so belangrik dat ONS baie seker maak dat ons nie wêreldse skeidings en vrese en vooropgestelde idees oor mense in die kerk en gemeente indra nie! “*Hier maak dit nie saak of iemand Jood of Griek, besny of nie besny, slaaf of vry, man of vrou is nie; Hier is Christus alles en in almal!*” (Kol. 3:11). Ons mag nie Jesus se gebed om eenheid probeer afwater omdat ons so sukkel om een te wees en mekaar te aanvaar ten spyte van ons verskille nie.

### **Een of eenders?**

Jesus bid dat daar eenheid onder sy volgelinge sal wees. Hierdie volgelinge was nie 'n groep eenderse mense nie en tog bid Hy dat hulle een sal wees. Miskien dink ons te veel oor eenheid in terme van "eendersheid". Vir baie mense is 'n peloton mense in uniform wat in gelid marsjeer, mooi! Dis volledige eendersheid.

Die gevaar is dat ons iets hiervan in die kerk, in ons gemeente, soek wanneer ons aan eenheid dink. Dan voel ons goed as almal konformeer na dieselfde kleredrag en dieselfde gebruike. Wanneer hierdie prosesse lank genoeg in 'n bepaalde gemeente plaasvind, raak dit al moeiliker om mense wat anders is onder meer te aanvaar. Dit is nie verkeerd om by mekaar aan te pas en te konformeer nie. Die probleem ontstaan egter wanneer ons dit begin verwar met gemeente-eenheid en kerk-eenheid.

Nee, eenheid is nie eendersheid nie. In die kerk van die Nuwe Testament was daar trouens die grootste verskeidenheid mense denkbaar in die gemeentes wat ontstaan het. Jood, Griek, arm en ryk, sondaars en mense wat al 'n lang pad met die Here gestap het. Sommige van hierdie mense was voormalige vyande van mekaar.

Die eenheid in liefde en diens waarvoor Jesus bid, toon juis die wonderbaarlike krag van God wat mense tot 'n eenheid saambind al verskil hulle ook hoeveel van mekaar.

### **Eenheid wat deel in Jesus se heerlikheid**

Hierdie eenheid is so groot en diepgaande dat Jesus dit met die eenheid tussen Hom en die Vader vergelyk. Hierdie eenheid is so geloofwaardig

dat Jesus by herhaling sê dat dit nodig is dat sy volgelinge een sal wees, want dan sal die wêreld weet en glo.

Wat raakgesien moet word, is wat Jesus van sy "heerlikheid" in vers 22 sê. Om dit te verstaan moet ons teruggaan na Johannes 12:23, "*Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word*". Hiervandaan stuur die verhaal direk op die kruisiging (wat paradoksaal sy verheerliking is) af.

Die heerlikheid wat Jesus volgens Johannes 17:22 aan sy volgelinge gegee het sodat hulle een kan wees, gaan oor die paradoksale heerlikheid. Jesus "gee" aan sy dissipels sy lydensweg. Die eenheid tussen Jesus se dissipels is ten diepste 'n eenheid wat die vrug is van dissipels van Jesus wat hulle kruise dra, volgelinge van Hom wat bereid is om die minste te wees en ander se voete te was, gelowiges wie se optrede vol van genade en waarheid is. In hierdie liefdesgemeenskap is die vrae, "Wie is eenders en wie is anders?" nie belangrik nie. Hier word gefokus op die vrae, "Wie het hulp nodig? Wie se laste moet gedra word?"

### **Verstom oor die eenheid**

Jesus maak twee keer die verbintenis tussen sy volgelinge se eenheid en die wêreld se reaksie. Daar word vertel dat die wêreld in die eerste eeue verstom was oor die soort liefde wat deur Christene beoefen is. In 'n harde wêreld was hierdie gemeenskappe van genade en waarheid ongekend.

Sosioloë soos Rodney Stark verbind die vinnige groei van die vroeë kerk juis aan die liefde en diens wat uit Jesus se gebed voortspruit:

- Christene het siekes, ook uit die omliggende heidene, versorg tydens groot plaë wat die Romeinse Ryk getref het. Dit terwyl baie mense siekes op straat uitgesit het om daar te sterf, sodat hulle nie self aansteek nie.
- Juis omdat Christene mense uit ander groepe, wat dikwels vyandig tot mekaar geleef het, in die kerk opgeneem en hulle van Jesus se liefde en diens geleer het, het samelewings veiliger geword. Geweld het afgeneem. Stede waar vroeër gewelddadige vyandskap tussen etniese groepe bestaan het, het beter plekke geword. Daarom het die Christelike geloof veral vinnig in Romeinse stede versprei.
- Vroue en kinders is gerespekteer, en as volwaardige lede van die gemeente hanteer. Aangesien die waarde van vroue in die Christelike kerk

hoër geag was, het die Christelike kerk groter groeikrag en daadkrag gehad as die omliggende samelewing wat vroue geminag, onderdruk en uitgeskuif het.

- Christene het ook al hulle kinders grootgemaak. Anders as die Romeinse samelewing waar dogters geminag, en dikwels buite gelaat is om aan blootstelling te sterf (as iemand anders hulle nie opgetel en gevat het nie), het Christene al hulle kinders grootgemaak.

Baie van die Christene se diens en toewyding het hulle hul lewe gekos. Die kerk is deur die staat vervolgd. En tog was hulle een in liefde en diens, en het daarom 'n kragtige getuienis gehad.

Laat dit ook ons "heerlikheid" wees – dat die wêreld ons eenheid sal sien, nie omdat ons eenders is nie, maar omdat ons werklik vir mekaar met Jesus se liefde omgee.

AMEN.